Julie - Augustus 2021

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

**Vol. 20, No. 4** **Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jul-Aug 2020 *Tomorrow's World*-tydskrif**



*'n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## "Niks so goed soos 'n goeie pandemie nie!"

'n Eienaardige ding het gebeur by ons *Wêreld van Môre*-kantore hier in Charlotte, Noord-Carolina en in ons plaaslike *Living Church of God*-gemeente. Dit het alles begin omdat ons 'n groter aantal jong volwassenes gehad het wat besig was om troues te beplan vir die vroeë lente en somer.

Elke lid van hierdie paartjies is baie soos ander paartjies wat hulle lewens met mekaar wil deel. Baie bruide snuffel in die winkels rond vir daardie "net die regte" rok. Hulle beplan wat die strooimeisies sal aantrek en kies blomme om die lokaal mee te versier. Etes is dikwels deel van die onthaal en soms word 'n orkes gehuur vir 'n dans. Namate die bedrae toeneem kan die vader van die bruid hom in sommige gevalle vereenselwig met die karakter wat Steve Martin in die film *Father of the Bride* gespeel het. In die geval van moderne huwelike, dra die bruid en bruidegom soms ook finansieel by vir die geleentheid. Troues is deesdae duur geleenthede.

Onverwags gebeur daar toe iets: 'n Pandemie met beperkings en inperkings. Die paartjies word gedwing om te besluit tussen 'n duur, "droom"-troue wat uitgestel moet word tot wie-weet-wanneer of 'n eenvoudiger seremonie met die leraar en 'n handjievol gaste – nie 'n duur rok of 'n groot onthaal, 'n duur ete en orkeste nie en die minimum blomme. Selfs die wittebrood was binne ry-afstand, indien reis enigsins moontlik was.

Hierdie was nie die troue wat hulle beplan het nie! Dit was egter beslis gedenkwaardig en sommige van hierdie paartjies het moontlik genoeg geld gespaar vir 'n deposito op 'n huis. Daar sal ongetwyfeld op 'n latere stadium 'n onthaal wees, hoewel dit waarskynlik nie so deftig of duur sal wees soos wat die troue sou wees nie.

**Realiteit is weer in die mode**

My oom George het eenkeer aan my gesê: "Daar is níks soos 'n goeie depressie om mense weer na die werklikheid terug te bring nie". Dit het my verbaas toe ek jonger was en ek het gewonder wat my ateïstiese oom as "realiteit" beskou. Waaraan het hy waarde geheg? Dit was duidelik dat sy waardes en myne nie dieselfde was nie. Nietemin, ek dink nou ek weet wat hy met sy opmerking bedoel het en ek is daarvan oortuig dat hy reg was. Hy het die Groot Depressie en die Tweede Wêreldoorlog oorleef en het net soos koning Salomo verstaan (Prediker 7:2) dat daar gebeure is wat die oppervlakkige sake van die lewe afstroop en ons help om te sien wat werklik belangrik is. COVID-19 is presies so 'n gebeurtenis. Om kortliks op te som wat my oom bedoel het: "Daar is níks soos 'n goeie pandemie om ons weer na die werklikheid terug te bring nie".

Moontlik is dit die rede waarom verkope van Bybels toegeneem het toe hierdie krisis begin het.

Mense het hulleself in die stilligheid afgevra: “Sal ek siek word? Sal ek oorleef? Sal dít wees hoe ek sterf?” Ja, mense begin wonder oor die groot vrae. “Wat is die doel van die lewe? Wanneer ek sterf, sal ek weer leef?” Hierdie vrae kom by baie mense op. (Indien u in die afgelope maande oor u eie sterflikheid nagedink het, wil u nie hierdie onderwerp in ons boekie *Wat gebeur wanneer u sterf*, ondersoek nie? Die antwoord is ontnugterend maar ook bemoedigend.)

Ek beweer nie dat troues nie belangrike geleenthede is nie – ons lees in die Bybel van feesvierings tydens 'n huwelik wat 'n paar dae lank geduur het. Die troue is egter deesdae selde wat dit bedoel was om te wees. Te veel paartjies doen alles in die verkeerde volgorde: Hulle woon saam, het dalk selfs kinders en trou dán *moontlik eers*. Troues is vervreemd van die huwelik en het geleenthede vir 'n enkele dag vir paartjies geword om “in die kollig” te wees. Namate daar al hoe minder waarde geheg word aan die huwelik as 'n instelling, word baie huwelike nie meer in verband gebring met die heiligheid van die huwelik en huweliksvoorregte nie.

Min mense dink deesdae goed na oor die ware betekenis van die huwelik. Baie beskou dit as slegs 'n kulturele tradisie waar die bruid sê, “Ja dís die rok!” Hoeveel keer het u al gehoor dat iemand snedig opmerk dat die huwelik niks

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – Niks so goed soos ’n goeie pandemie nie!**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Wie het die Sabbat na Sondag verander? 3**
Die Bybel beskryf die sewendedag Sabbat as 'n heilige dag van rus. Waarom aanbid die meeste belydende Christene dan op Sondag?

**Misleide onderwys en die ondergang van die Weste 9**
Moderne onderwys in die Westerse beskawing word hoofsaaklik as 'n wêreldse beroep beskou. Dit het egter nie so begin nie. Hoe het dit verander?

**“As my volk hulleself sal verootmoedig ...” 15**

**'n Perfekte storm ['n Ongelukkige sameloop van omstandighede] 16**
Die jaar 2020 het 'n verbasende sameloop van verskeie lewensveranderende gebeure opgelewer – 'n Perfekte storm wat die wêreld verander.

**Bly in kontak tydens isolasie 21**

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde 23**

**Die werke van Sy hande 24**

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Richard F. Ames
**Kuns Redakteur**
John Robinson
**Besturende Redakteur**
Wallace Smith

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIë:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 086 607 7398

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Wie het die Sabbat na Sondag verander?

**Deur Gerald E. Weston**

*U Bybel toon duidelik dat Jesus Christus die sewendedag Sabbat onderhou het. Sy eerste volgelinge het dit ook gedoen. Tog aanbid die meerderheid van diegene wat hulleself "Christene" noem, op Sondae en doen hulle niks om die sewendedag Sabbat heilig te hou nie. Hoe het hierdie verandering plaasgevind? Wat behoort u daaromtrent te doen?*

Die godsdienste van die wêreld sit 'n verskeidenheid vakansiedae of heilige dae opsy. Moslems aanbid op Vrydag. Jode regoor die wêreld het al vir millennia lank op die Sabbat aanbid – die dag wat elke Vrydagaand teen sononder begin en tot Saterdag sononder voortduur.

Jesus Christus het die sewendedag Sabbat onderhou. Die meeste belydende Christene kom vir Sondag-eredienste bymekaar en verkondig dat Sondag die ware dag vir aanbidding is. Dus, watter dag behoort deur Christene heilig gehou te word – die eerste dag van die week of die sewende dag?

Deur die geskiedenis heen het verskillende beskawings hulle dae in weke van verskillende lengtes opgeteken, soos vier of tien dae. Selfs die geskiedenis toon dat die week van sewe dae onder hierdie verskeidenheid baie antiek is. Aantekeninge wat so lank terugdateer as antieke Babilon, beskryf die onderhouding van die sewe-dag siklus. Die Joodse volk het 'n kalender met 'n week van sewe dae bewaar en het tred gehou met die siklus oor duisende jare heen. Selfs toe pous Gregorius XIII die kalender in 1582 hersien het, het hy nie hierdie siklus verander nie. Die sewendedag Sabbat is vandag dieselfde sewendedag as wat deur Jesus en die eerste-eeuse Christelike Kerk onderhou is.

U het moontlik as kind die Tien Gebooie geleer. Die vierde gebod gee ons hierdie baie duidelike opdrag: "Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God" (Exodus 20:8-10). Tog hou die meeste belydende Christene Sondag, al het die eerste-eeuse Christene dieselfde sewendedag Sabbat onderhou as wat Jesus onderhou het!

Waarom ignoreer die meeste mense wat hulleself "Christene" noem, dus die sewendedag Sabbat en heilig hulle in plaas daarvan, Sondag – die eerste dag van die week? Wat het geword van die voorbeeld van Jesus en die eerste-eeuse Christene? Die apostel Paulus het Christene aangespoor om hom na te volg net soos hy Christus navolg (1 Korinthiërs 11:1) en hy het die sewendedag Sabbat regdeur sy lewe onderhou deur dit te hou vanaf sononder Vrydag tot sononder Saterdag in navolging van sy Verlosser wat in die sinagoges op die Sabbat gepreek het (Lukas 4:16).

Die apostel Paulus het op die Sabbat vir Jode asook heidene in Antiochië se sinagoge gepreek. Onthou dat dit ***jare*** na Christus se dood, begrafnis en opstanding plaasgevind het. Indien Christene veronderstel was om Sondag te onderhou, sou hierdie heidene ongetwyfeld die volgende dag, naamlik Sondag, saam met Paulus bymekaar gekom het. Let egter op: "En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word" (Handelinge 13:42). ***Nie Sondag** nie!*

Inderdaad, wat het gebeur? "En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor" (vers 44). Paulus het nie op

Sondag met die heidene vergader nie, maar op die dag wat die eerste-eeuse Christene onderhou het: die sewendedag Sabbat.

***Wie*** het dus die Sabbat na Sondag verander? Wat het met die vierde Gebod gebeur wat verklaar dat God se volk die sewendedag heilig behoort te hou? Dit is 'n belangrike vraag vir alle belydende Christene!

**Agt "eerste dae"**

"Kom 'Sondag' nie in die Nuwe Testament voor nie?" mag party mense wonder. U sal miskien verbaas wees om te verneem dat wanneer u in u Nuwe Testament daarna soek, u sal vind dat "Sondag" nie eers een keer genoem word nie! Wat u sal vind is agt verwysings na "die eerste dag van die week".

Ses van hierdie verwysings beskryf die dag ná Jesus se opstanding, soos ons later sal bespreek. Wat dan van die ander twee? Dit moet tog sekerlik Sondagaanbidding uitbeeld of beveel, nie waar nie? Kom ons kyk na albei.

"Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie" (1 Korinthiërs 16:2). Was dit 'n soort van "kollektebordjie aanstuur" by 'n kerkdiens? Glad nie! Net soos in Romeine 15:26, vra Paulus hier vir die Korinthiërs om voorrade vir behoeftige broeders in te samel. Hy vra hulle nie om te aanbid nie, maar om die fisiese werk te doen deur goedere in te samel vir diegene in Jerusalem in nood. Dit was nie 'n aktiwiteit wat geskik was vir 'n dag van rus nie; dit was aktiewe, fisiese diens aan die kant van die broeders in Galásië.

Laat ons nou hierdie vers van naderby bekyk: "En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek, omdat hy die volgende dag sou vertrek, en hy het sy rede gerek tot middernag toe" (Handelinge 20:7). Eerstens sien ons dat Paulus se boodskap ongeveer teen middernag op die eerste dag van die week geëindig het. Dit beteken dat dit begin het op wat ons Saterdag sou noem. Wat het Paulus en sy metgeselle gedoen ná hulle ontmoeting? Sommiges van hulle het die harde roeiwerk gedoen (verse 13-14), terwyl Paulus ure lank gestap het – nie wat 'n mens 'n "Sabbatsrus" sou noem nie. Dit is duidelik dat dit nie 'n voorbeeld is dat die eerste dag van die week as 'n Sabbat beskou is nie.

Wat van Johannes 20? "EN toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!" (Vers 19). Let op die konteks; Jesus is slegs 'n paar dae tevore gekruisig en die dissipels het nog nie verstaan dat Hy opgestaan het nie (vergelyk Markus 16:14; Lukas 24:37-41). Hulle het saam weggekruip uit vrees vir die Jode wat hulle Verlosser gekruisig het. Toe Jesus op die eerste dag van die week aan hierdie dissipels verskyn het, het Hy nie sommer net by 'n erediens ingestap nie! Inderdaad, soos ons sal sien, het Hy reeds die vorige dag uit die dood opgestaan – die sewende dag!

**Wat van die opstanding?**

Wanneer het Sondag die sewendedag Sabbat vervang as die rusdag vir belydende Christene? Die *Catholic Encyclopedia* verduidelik oor die onderwerp van "Sondag": "Tertullianus ... is die eerste skrywer wat die Sondagsrus uitdruklik noem: 'Ons behoort egter (net soos tradisie ons geleer het) op die dag van die Opstanding van die Here, daarteen te waak om nie net te kniel nie maar ook teen liggaamshouding en amp van versoening, selfs ons besigheid uit te stel, sodat ons nie enige plek aan die duiwel gee nie'" (vol. XIV, bl. 335). Tertullianus het dit eers in 202 n.C. geskryf – meer as 170 jaar ***na*** die begin van die Nuwe-Testamentiese Kerk!

Is Sondag egter die dag van die Here se opstanding, soos Tertullianus gesê het? Geensins! Toe Maria Magdaléna Sondagoggend by die graf van Jesus gekom het, het sy gevind dat dit ***alrééds leeg*** was. Ons lees: "EN op die eerste dag van die week kom Maria Magdaléna vroeg, terwyl dit nog donker was, by die graf en sien dat die steen van die graf weggeneem was. Sy hardloop toe en kom by Simon Petrus en by die ander dissipel vir wie Jesus liefgehad

het, en sê vir hulle: Hulle het die Here uit die graf weggeneem, en ons weet nie waar hulle Hom neergelê het nie" (Johannes 20:1-2).

Let daarop dat Maria by die graf aangekom het terwyl dit buite nog donker was! Die son het Sondagoggend nog nie opgekom nie en Jesus was ***nie daar nie***! Jesus is nie teen sonop uit die dood opgewek nie – maar teen die tyd dat die son Sondagoggend opgekom het, was Hy *alrééds we*g en die graf was alrééds leeg. Onthou Hy het beloof dat Hy presies drie dae en drie nagte ná Sy begrafnis sou opstaan om die teken van Jona te vervul (Matthéüs 12:40). Jesus is kort voor sononder op 'n dag van voorbereiding, wat 'n jaarlikse Heilige Dag voorafgegaan het begrawe (Johannes 19:31). Ons weet dus dat Hy drie dae later, kort voor sononder, opgestaan het. Maria het op die Sondagoggend, die graf leeg gevind omdat Jesus die dag tevore, Saterdag, kort voor sononder uit die dood opgestaan het.

Soos ons kan sien, kom die idee om Sondagaanbidding te baseer op Christus se opstanding, nie uit die Bybel nie, maar uit foutiewe menslike tradisies. Inteendeel, Jesus het klem gelê op die teken van Jona as die teken dat hy die Messias is: "'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees" (Matthéüs 12:39-40).

Indien Jesus Saterdagmiddag uit die dood uit opgestaan het, is Hy Woensdagmiddag in die graf geplaas. Die "Goeie Vrydag"-tradisie kom nêrens in u Bybel voor nie. Jesus het gedoen soos Hy beloof het en het drie dae en drie nagte in die graf deurgebring – nie twee nagte en 'n dag soos die Goeie Vrydag-tradisie dit sou vereis nie. U kan meer lees oor die drie dae en drie nagte, asook die tydsberekening en betekenis van Jesus se dood en opstanding, in ons inspirerende, gratis boekies *Watter Dag is die Christelike Sabbat?* en *Paasfees: Die storie wat nie vertel word nie*.

Die eerste-eeuse Christelike Kerk het op die sewende dag van die week aanbid – die dag wat ons nou Saterdag noem. Toe die Romeinse keiser Konstantyn, 'n heidense sonaanbidder, sy eie weergawe van die Christendom in sy ryk afgedwing het, het hy aanbidding op Sondag ***verpligtend*** gemaak. Hy het die volgende verordening in 321 n.C. uitgevaardig: "Laat alle landdroste en mense van die stad ... rus op die eerbiedwaardige dag van die son" (*The New Schaff-Herzog Encyclopedia of Religious Knowledge, "Roman Legislation for Sunday," vol. XI*, bl. 147).

Net 'n paar jaar later het die Roomse kerk ook 'n kommerwekkende besluit in die Raad van Laodicéa aanvaar, waarin hulle verklaar het: "Christene sal nie soos die Jode ledig wees op Saterdag nie, maar sal werk op daardie dag; maar die dag van die Here sal hulle veral eer en omdat hulle Christene is, sal hulle, indien moontlik, op daardie dag geen werk doen nie. Indien daar egter gevind word dat hulle die Joodse gebruike navolg [deur onderhouding van die sewendedag Sabbat], sal hulle van Christus uitgesluit word" (*A History of the Councils of the Church, vol. 2*, bl. 316). Met ander woorde, Christelike onderhouers van die Sabbat is tot ketters verklaar.

Op grond van watter gesag het die Roomse kerk hierdie verandering gemaak? Die bekende Katolieke teoloog, James Cardinal Gibbons, het hierdie moedige stelling neergeskryf: "U kan die Bybel van Génesis tot Openbaring lees en u sal nie 'n enkele reël vind wat magtiging gee vir die heiliging van Sondag nie. Die Skrif dwing die godsdienstige onderhouding van Saterdag af, 'n dag wat óns nooit heilig nie". Dit is 'n aanhaling uit Gibbons se *The Faith of Our Fathers,* wat die eerste keer in 1876 gepubliseer is (bl. 97, 1917).

Met ander woorde, wat Kardinaal Gibbons sê, is dat indien die Bybel u gesag is, het 'n mens nie enige grondige rede om Sondag te onderhou nie. Die Skrifte, soos hy sê, "dwing die godsdienstige onderhouding van Saterdag af, 'n dag wat óns nooit heilig nie".

Wat Gibbons en ander Katolieke owerhede verklaar, is

dat die gesag van die Katolieke kerk – ***nie*** die Nuwe-Testamentiese Skrifte nie – in die Christelike wêreld, die onderhouding van Saterdag na Sondag verander het – 'n gebeurtenis wat nie plaasgevind het voor die Raad van Laodicéa, in die middel van die vierde eeu nie.

Wat 'n verstommende erkenning! Gibbons is egter nie al een nie. Ons gratis boekie *Watter Dag is die Christelike Sabbat?* dokumenteer soortgelyke erkennings van Baptiste, Presbiteriaanse, Episkopale en ander godsdienstige leiers, wat almal saamstem dat die Bybel nêrens Sondag as 'n "nuwe" Sabbatdag magtig nie.

Maak dit enigsins saak? Kan ons nie maar op enige dag aanbid nie?

Christus het Sy antwoord op hierdie vraag baie duidelik gemaak. Die Skrif meld dat Hy 'n baie ernstige waarskuwing gegee het oor die nakoming van tradisies wat in stryd is met die Gebooie van God. Baie kerke het dáárdie verkeerde weg gevolg, net soos die Fariseërs van Jesus se tyd. Wat sulke praktyke betref, het Jesus gewaarsku: "Maar tevergeefs vereer hulle My deur leringe te leer wat gebooie van mense is. Want terwyl julle die gebod van God nalaat, hou julle aan die oorlewering van mense vas: ... Julle verstaan dit goed om die gebod van God opsy te sit en so julle oorlewering te onderhou" (Markus 7:7-9).

Dit is 'n waarskuwing wat ek hoop almal van ***ons*** ter harte sal neem. Jesus het gesê dat Hy die Here van die Sabbat is. Hy het die Sabbat gereeld onderhou en Hy het ***nie*** God se Wet oortree soos sommige teoloë beweer nie. Soos Hy gesê het: "... net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar" (Johannes 15:10). Behoort u dus die voorbeeld van Jesus Christus en die instruksies in u Bybel te volg of behoort u dit teen te staan en die tradisies van mense na te volg?

**Wanneer is die sewendedag Sabbat ingestel?**

Ons het gesien dat die vroeë Nuwe-Testamentiese Kerk die sewendedag Sabbat onderhou het. ***Wanneer*** is die sewendedag Sabbat ingestel? Toe Moses op die berg Sinai was? Glad nie! Dit is baie vroeër gevestig, met die grondlegging van hierdie wêreld. "So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leërmag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak" (Génesis 2:1-3). Ja, God het die sewendedag Sabbat tydens die grondlegging van hierdie wêreld reeds gevestig, lank voor Moses se tyd.

Let op dat Jesus gesê het: "Die sabbat is gemaak vir die mens, en nie die mens vir die sabbat nie" (Markus 2:27). Die Stigter van die Christendom het nie gesê: "Die Sabbat is gemaak vir die Joodse volk nie". Die Sabbat is gemaak vir die mens, vir die ***hele*** mensdom – vir elke mens op aarde.

Jesus het 'n verstommende stelling gemaak. Het Hy gesê dat Hy Here is oor *Sondag* – dat Sondag die dag van die Here is? *Nee hy het nie*. Hy het gesê: "Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat" (Markus 2:27-28). Indien Jesus die Here van die Sabbat is, watter dag is die Here se dag? Sondag? Dink daaroor! Die Sabbat is die Here se dag – Jesus het dit Self gesê. Ons lees: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid" (Hebreërs 13:8). Hy is stééds, Here van die Sabbat. Die Skrif vermaan ons om Sy voorbeeld asook dié van die Apostels te volg. Die apostel Paulus het aan die Kerk in Korinthe geskryf: "WEES my navolgers, soos ek dit ook van Christus is" (1 Korinthiërs 11:1). Die apostel Petrus vermaan ons om die voorbeeld van Christus te volg: "Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg" (1 Petrus 2:21). Ja, Jesus en die Apostels het die sewendedag Sabbat heilig gehou en God verwag dat ons hulle voorbeeld sal volg.

**Die "rus" van die verhaal**

Daar is baie meer Nuwe-Testamentiese bewyse wat betref die onderhouding van die

Sabbat. Die Sabbat beeld byvoorbeeld die Millenniale rus uit en is 'n herdenking van God se rus tydens die skepping. Ons lees: "Daar bly dus 'n sabbatsrus oor vir die volk van God" (Hebreërs 4:9). Die oorspronklike Griekse woord vir "rus" hier is *sabbatismos*, wat "'n Sabbatsonderhouding" beteken. In die Ou asook die Nuwe Afrikaanse Vertalings word *sabbatismos* in vers 9 vertaal as "'n sabbatsrus". Ja, daar wag nog 'n ***Sabbatsrus*** vir die volk van God, selfs tot vandag toe!

Let op na hierdie belangrike stelling: "... want wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van syne" (Hebreërs 4:10). Die konteks hier is albei van simboliese asook letterlike rus. Die Griekse woord *katapausis* is die tweede van die twee basiese woorde wat in hierdie afdeling as "rus" vertaal word. Let egter op wat God sê van diegene wat ***nou*** in Sy ***rus*** ingegaan het – dit wil dus sê diegene wat hulle bekeer het – diegene wat bereid is om Christus *nou* te volg. Indien ons as bekeerde Christene met ons werk behoort op te hou net soos God gedoen het, is dit nodig om eenvoudig net een vraag te vra: ***Hoe*** het God opgehou met Sy werke? Die Skrif gee vir ons die antwoord: "Want Hy het êrens van die sewende dag so gespreek: En God het op die sewende dag van al sy werke gerus" (Hebreërs 4:4).

Die betroubare bron, *Anchor Bible Dictionary* bevestig die verantwoordelikheid van Nuwe-Testamentiese Christene om die Sabbat te onderhou. Dit verklaar: "***Fisiese*** Sabbatsonderhouding, aan die kant van die Nuwe Verbond-gelowige, soos bevestig deur 'sabbatsrus', dui op die staking van 'werke' (Hebreërs 4:10) ter herdenking aan God se rus tydens die skepping ([Hebreërs] 4:4 = Génesis 2:2) en bevestig geloof in die verlossing wat deur Christus voorsien is" (vol. 5, bl. 856). Dit is 'n baie duidelike stelling! Ja, die Skrif bevestig dat Christene van die Nuwe Verbond soos wat dit in die vierde Gebod vermeld word sal doen: "Gedenk die sabbatdag dat jy dit heilig" (Exodus 20:8).

Die belangrikste vraag is: ***Wie*** of ***wat*** is u gesag? Is dit die Bybel of 'n kerk en godsdiens ***buiten*** die Bybel***?***

Soos ons gesien het, beweer sommige godsdienstige leiers, met inbegrip van Rooms-Katolieke asook Protestante, dat tradisie of kerklike administrasie – die Bybel is uitgesluit – hulle rede is om eerder Sondag as die Sabbat te onderhou. Let byvoorbeeld op na hierdie uitspraak van die vooraanstaande Anglikaanse predikant, Isaac Williams, in 1847: "[E]n waar word ons in die Skrif aangesê dat ons hoegenaamd die eerste dag moet hou? Ons word beveel om die sewende dag te hou; maar ons word nêrens beveel om die eerste dag te hou nie ... Die rede waarom ons die eerste dag van die week heilig hou in plaas van die sewende dag, is om dieselfde rede as wat ons baie ander dinge doen, ***nie*** omdat die Bybel so sê nie, maar omdat die ***kerk*** dit gelas het" (*Plain Sermons, by Contributors to the Tracts for the Times, vol. IX, Sermon CCCIV*, bll. 267, 269, klem bygevoeg).

Dit is verbasende erkennings. Weereens, u kan meer hieroor lees in ons gratis, insiggewende boekie *Watter Dag is die Christelike Sabbat?*

Ons het gesien dat die oorspronklike Christelike Kerk die sewendedag Sabbat onderhou het in navolging van die voorbeeld van Jesus Christus en die Apostels. Dit was keiser Konstantyn wat in 321 n.C., die dag van die son verklaar het as ***die*** dag van aanbidding vir die Romeinse Ryk. Die Katolieke Raad van Laodicéa het in die vierde eeu n.C. Sondagaanbidding geproklameer en Christelike onderhouers van die Sabbat, soos in die vierde Gebod vermeld, as ketters verklaar. Selfs tot vandag toe word Christelike onderhouers van die Sabbat in baie lande regoor die wêreld vervolg.

**Wie het dit gedoen?**

Wie het dus die Sabbat na Sondag verander? Die antwoord is: "Niémand het dit verander nie!" *Die mens kan nie verander wat God verorden het nie!*

Deur die Een wat Jesus Christus geword het, het God die Almagtige, die Sabbat met die grondvesting van die wêreld, vir ***alle*** mense ingestel. God het "alles geskape ... deur Jesus Christus" (Efésiërs 3:9). Daarom is die seun van die mens tot vandag toe die Here ook van die Sabbat, soos dit in Markus 2:28

sê. Let wel, "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid" (Hebreërs 13:8). Ja, selfs vandag volg ware Christene die voorbeeld van Christus, Sy Apostels en die Kerk van die Nuwe Testament in die onderhouding van die sewendedag Sabbat.

Indien u 'n jarelange leser van die *Wêreld van Môre* is en graag saam met ander Christene wat die Sabbat onderhou, wil aanbid, nooi ons u uit om met een van ons verteenwoordigers te praat. Kontak die streekkantoor naaste aan u. Die lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif of kontak ons by *wvm.co.za.*

Liewe Lesers, ons leef in die eindtyd wat in u Bybel geprofeteer word. Ons sien uit na die toekomstige Koninkryk van God, wat regeer sal word deur die Vredevors – die Messias, Jesus Christus. As Koning van die konings en Here van die here, sal Hy alle nasies leer, regeer, lei en dien. Dus, een laaste vraag: Op watter dag sal al die nasies aanbid wanneer Christus Sy wêreldheersende Koninkryk op aarde gevestig het?

Let op hierdie aankondiging van God: "Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor my aangesig sal bestaan, spreek die HERE, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees. En elke maand op die nuwemaan en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor my aangesig, sê die HERE" (Jesaja 66:22-23).

Indien u in daardie tyd leef, sal u dan u Heer en Verlosser gehoorsaam en Hom op die sewende dag aanbid saam met alle ander mense op aarde? Aanbid u selfs nou die Verlosser as Here van die Sabbat? Dink 'n bietjie na oor hierdie vrae en besluit in gebed, om God in gees en in waarheid te aanbid, soos dit in Johannes 4:24 aan ons sê. Ons sien uit na die dag waarop alle volke en nasies regoor die wêreld, Christus die Koning, sal aanbid. Die Messias sal Sy wêreldregering instel, wêreldvrede vestig, ware onderrig en die Bybelse weg van waarheid, liefde en lewe. Alle nasies sal die ware weeklikse Sabbat en die Bybelse Heilige Dae onderhou! Wat 'n wonderlike, vreedsame en voorspoedige wêreld sal dit nie wees nie! WvM


# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Hierdie LEWENSBELANGRIKE onderwerp is *veel gewigtiger* as wat meeste mense besef!

Dit sal bepaal of u regtig die ware God – die Skepper – ken, of nie. Trouens, dit gaan 'n direkte uitwerking hê op u toegang tot die ewige lewe in God se Koninkryk wat binnekort kom!

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

# Misleide onderwys en die ondergang van die Weste

Deur Douglas S. Winnail

Die Westerse lande is oorweldig deur 'n stygende gety van sosiale patologieë – geweldsmisdaad, toenemende onbeskoftheid, politieke korrupsie, nié volhoubare skuldlas, wydverspreide dwelmmisbruik, depressie en selfdood. Mense ervaar 'n gevoel van verlies aan 'n lewensdoel en van godsdienstige geloof omdat die samelewing rondom hulle 'n toenemende vyandigheid toon teenoor dít wat deur die Westerse beskawing tot stand gebring is.

Die Weste wat voorheen deur miljoene mense wêreldwyd as 'n baken van beskawing en welvaart beskou is, word nou algemeen gesien as 'n kultuur wat besig is om agteruit te gaan en 'n samelewing wat verrot het. Selfs miljoene bederfde Westerlinge begin nou om hulle eie kulturele erfenis te verag en te verwerp.

Waarom gebeur dit vandag? Waarheen lei hierdie ontstellende neigings?

Baie geleerdes wys op angswekkende ooreenkomste tussen die agteruitgang van antieke beskawings en dít wat besig is om in ons moderne Westerse wêreld plaas te vind. Die sosiale kritikus, Russell Kirk, het opgemerk dat "die ooreenkoms tussen die agteruitgang van die antieke beskawings en die agteruitgang van ons eie kultuur, opvallend en 'n ontstellende werklikheid is" (When Nations Die: America on the Brink, bl. xi). Die skrywer en navorser, Jim Nelson Black, illustreer hierdie kommerwekkende vergelyking en gee 'n lys van tien waarskuwingstekens van 'n kultuur in krisis met inbegrip van toenemende wetteloosheid, verlies aan ekonomiese dissipline, verswakking van tradisies en kulturele fondamente, toenemende onsedelikheid, verval van godsdienstige geloof, agteruitgang in die kwaliteit van onderwys en die geringskatting van menslike lewe (bl. ix).

Alhoewel baie mense die simptome van kulturele agteruitgang kan raaksien, verstaan min van hulle vandag die geskiedkundige magte wat bygedra het tot ons moderne sosiale dilemmas en waarheen hierdie kommerwekkende neigings lei. Nog minder mense besef dat Bybelprofesieë al lankal voorspel het dat hierdie gebeure op 'n sekere tydstip in die nasies van die Weste sou losbars as gevolg van spesifieke redes. Die Bybel openbaar nie net die profetiese belangrikheid van hierdie stygende gety van sosiale patologieë en waarheen dit lei nie, maar openbaar ook die komende oplossings vir hierdie onstuimige tydperk – oplossings wat hoop sal bring vir die wêreld.

Soos ons sal sien, het onderwys en opvoeders 'n belangrike rol gespeel in die vorming en hervorming van die waardes en perspektiewe van volke in die Weste om die opkoms van hierdie waardes aan te moedig, maar nou besig is om die vuur van agteruitgang aan te blaas. Ons sal sien dat vreemde, doelgerig gedrewe vernuwings, die rigting van die Westerse beskawing heeltemal verander het. Dit is nodig dat u verstaan wat besig is om te gebeur in die wêreld waarin u leef en hoe hierdie probleme u toekoms dramaties sal beïnvloed.

## Die lewensbelangrike rol van onderwys

Waarom is dit nodig om op onderwys te fokus? Het onderwysers meer invloed as magtige politici, welsprekende predikers, Hollywood-persoonlikhede of ambisieuse militêre leiers? Trouens, onderwysers en onderwys het 'n uiters noodsaaklike en wyd-erkende rol gespeel in die oordrag van kennis en die bepaling van die karakter van individue, sowel as die kultuur van beskawings.

Byna 3,000 jaar gelede het koning Salomo geskryf: "Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie"

(Spreuke 22:6). Baie waarnemers wat nie spesifiek die Bybel onderskryf nie, stem saam. Ongeveer in 400 v.C. het die Griekse filosoof, Plato, opgemerk: "Die rigting waarin onderwys 'n man se lewe begin, sal sy toekomstige lewe bepaal". Die Renaissance-filosoof, Erasmus, verklaar: "Die grootste hoop van 'n volk lê in die behoorlike opvoeding van sy jeug". Selfs die rolprentvervaardiger, George Lucas, het gesê: "Onderwysers is die magtigste individue in ons samelewing".

Die stigtervaders van die Amerikaanse nasie het – soos soveel ander mense, wat 'n groot bydrae gelewer het tot die Westerse beskawing – die belangrikheid van onderwys in die bepaling van die karaktereienskappe en waardes van 'n kultuur verstaan. Die vyande van die Westerse beskawing het dit egter óók verstaan en wil gebruik maak van onderwysers en onderwys as wapens, om die fokus en rigting van daardie kultuur radikaal te verander. Om die betekenis te begryp van wat tans gebeur, is dit belangrik om die geskiedenis en die invloed van onderwys in Amerika en die Weste te verstaan.

**Vroeë onderwys in die Weste en Amerika**

Onderwys in antieke Grieke-land en Rome was in wese in die hande van heidense filosowe en het op welsprekendheid en letterkunde gefokus – hoofsaaklik vir uitgesoekte jong manne van bevoorregte klasse. Gratis en verpligte, belastinggesteunde, openbare onderwys vir alle kinders – meisies asook seuns – het met die Protestantse Hervormers in Europa begin en is later in die kolonies in Nieu-Engeland oorgeneem. Baie laat in die 1700's het pogings begin toeneem om arm kinders te leer (wat gewoonlik twaalf ure per dag en ses dae per week in myne, fabrieke en op plase gewerk het) – met die doel om hulle te leer lees en skryf sodat hulle die Bybel kon lees en hulle lewens kon verbeter. Skole vir dowes en blindes, hospitale en institusionele versorging vir die armes, was Westerse ontwikkelings wat die leerstellings van Jesus in die Nuwe Testament weerspieël het naamlik: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself" (Matthéüs 22:36-40).

Die geskiedenis toon dat die leiers van vroeë Westerse onderwysinstellings, "vurige aanhangers" van baie Bybelse waardes was en dat hierdie waardes by "studente ingeskerp was", as 'n fundamentele deel van hulle opleiding (Alvin J. Schmidt, How Christianity Changed the World, bl. 181). Met hierdie waardes as beginpunt, weerspieël die vooruitgang van onderwys in Amerika, die wyse waarin opvoedkundige filosofieë deur die eeue heen in die Westerse wêreld verander het.

Die Bybel en Judeo-Christelike waardes het 'n groot rol gespeel in die ontwikkeling van onderwysinstellings in die vroeë Amerikaanse kolonies. Dit is veral duidelik onder die Puriteine wat hulle in Nieu-Engeland gevestig het en die vryheid wou uitleef om hulle geloof te beoefen. Hulle het 'n sterk toewyding aan onderwys met hulle saamgebring en ook 'n Engelse vertaling van die Bybel wat hulle tot 'n groot mate gebruik het. Binne 'n dekade nadat hulle in die Noord-Amerikaanse wildernis aangekom het, het hulle Harvard College in 1636 gestig. Aan elke student aan Harvard is gesê dat

> *die hoofdoel van sy lewe en studies is om God en Jesus Christus wat die ewige lewe is te ken (Johannes 17:3) en daarom Christus as die enigste beginsel van alle suiwer kennis en opleiding te hê. Aangesien die Here net wysheid gee, laat elkeen homself ernstig, in afsondering, deur gebed tot God wend om insig van Hom te soek en te vra (Spreuke 2:3). ("Shield and 'Veritas' History," HCS.Harvard.edu).*

Dit is geensins verbasend nie, aangesien minstens 130 individue van die eerste generasie Massachusettsbaai-koloniste, universiteitsopleiding gekry het en 35 van hulle gegradueer het aan 'n kollege in Cambridge Engeland, wat toegewy was om Protestantse predikante op te lei (Arthur M. Cohen, The Shaping of American Higher Education, bl. 17).

Daar was van studente op Harvard verwag om in afson-

dering te bid, die Skrif twee keer per dag te lees, ywerig te studeer en om ouers, magistrate en onderwysers te respekteer. Hulle is geleer om goddeloosheid, leuens en dwase gedrag te vermy. Die College of William and Mary in Virginia (gestig in 1693) en Yale (gestig in 1701) het ook daarna gestreef om opgeleide dienaars van die Woord vir die kolonies beskikbaar te stel en het soortgelyke riglyne gegee dat studente "Godsdienstige, godvrugtige en onberispelike lewens behoort te leef volgens die reëls van die Woord van God, deur ywerig die heilige Skrifte as die Bron van lig en waarheid, te lees" (Edwin S. Gaustad en Mark A. Noll, A Documentary History of Religion in America to 1877, bl. 176-181).

Al het die invloed van die sekulêre Verligting begin om teen die middel van die 1700's al minder klem te lê op die Bybel as 'n Bron van Goddelike openbaring (The Shaping of American Higher Education, bl. 12), het hierdie oorspronklike sentimente rakende God se Woord en baie van die beginsels daarin, steeds op baie maniere die denke van vroeë leiers van die jong Verenigde State van Amerika gevorm en gelei.

Die Puriteinse verbintenis tot onderwys was gebaseer op 'n begeerte dat elke kind die Bybel sal kan lees en die inhoud daarvan kan begryp. In die kolonie van Massachusettsbaai moes daar dus in elke gemeenskap, wat ten minste 50 gesinne gehad het, 'n onderwyser in diens geneem word en elke gemeenskap van 100 of meer gesinne moes 'n grammatika-skool stig. Die belangrikste fokus "in koloniale lees- en skryfonderrig was Gods-diens en sedelikheid" en dit was gebaseer op die oortuiging dat 'n "goeie samelewing slegs bereik kon word deur gehoorsaamheid aan die Woord van God" (Joel H. Spring, The American School, 1642-1993, bll. 8, 10). Wat die Amerikaanse hoër onderwys betref, was bykans elke universiteit wat voor die Revolusionêre Oorlog gestig is, deur 'n Protestantse denomi-nasie gestig en kerke het meer as 90% van alle kolleges en universiteite in Amerika tot stand gebring, tot en met die Amerikaanse Burgeroorlog. Party mense het opgemerk: "Amerikaanse Christelike opvoeding het die basis gevorm van die geweldige groei, vooruitgang en sukses van ons land" (Stephen McDowell en Mark Beliles, Liberating the Nations, bl. 100).

Dit was 'n Presbiteriaanse predikant wat die invloedrykste reeks handboeke geskep het wat die agtergrond gevorm het van Amerika se openbare skoolstelsel in die negentiende eeu. William McGuffey (1800–1873) het die McGuffey-leesboeke geskep, wat persoonlikhede, verhale en konsepte uit die Bybel opgeneem het om spelling, woordeskat, lees en openbare redenaarskuns aan te leer terwyl dit Bybelse morele waardes by die jonger geslag ingeskerp het. McGuffey het geglo dat godsdiens en moraliteit onskeibaar van mekaar is en dat openbare skole "die regte plek vir godsdienstige en morele onderrig is" (John Westerhoff, McGuffey and His Readers, bll. 24, 51). Die meer as 120 miljoen eksemplare van die McGuffey-leesboeke wat tussen 1836 en 1960 verkoop is, het 'n verenigende verwysings- en waardestelsel vir verskeie generasies Amerikaanse kinders verskaf. Naas die Bybel verteenwoordig McGuffey se leesboeke die "belangrikste dryfkrag ... in die vorming van ons nasionale sedes en voorkeure" (bl. 15) en dit word vandag nog steeds gebruik. Ongelukkig het die latere uitgawes van die McGuffey-leesboeke meer sekulêr geword om die veranderende voorkeure in Amerika te akkommodeer.

**'n Radikale ommeswaai in 'n nuwe rigting**

Met elke nuwe golf van immigrasie na die Verenigde State, vanaf verskillende lande en met verskillende godsdienstige agtergronde, was daar druk ervaar om die leerstellige inhoud van leerplanne vir openbare skole te "versag". Tog was daar steeds 'n aanvraag daarna om die klem te plaas op basiese "Christelike" waardes van eerlikheid, vriendelikheid, spaarsamigheid, arbeidsaamheid en respek vir gesag – waardes wat die basis vorm van wat bekend geword het as Amerika se "burgerlike godsdiens".

In die 1850's het daar egter

verskeie kragtige faktore te voorskyn begin kom wat die rol van Bybelgesentreerde onderwys in Amerika en die Westerse wêreld uitgedaag het. Charles Darwin se On the Origin of Species, gepubliseer in 1859, het twyfel gesaai met betrekking tot die geloofwaardigheid van die Bybel, die geldigheid van die Judeo-Christelike morele beginsels en die rol van God as die Skepper – grondbeginsels wat toe reeds lank in die Europese en Amerikaanse skole onderrig was. Namate die invloed van die Verligting van die 1700's begin toeneem het en uitgebrei het, het al hoe meer progressiewe opvoeders ook begin glo dat die menslike rede en die ontdekkings van die wetenskap, bevry van godsdienstige "bygeloof", die samelewing baie meer sou baat as Bybelse waarhede en waardes.

'n Ander faktor wat die rigting van Amerikaanse onderwys verander het, was die invloed van John Dewey, wat algemeen beskou word as die "vader" van progressiewe onderwys. Dewey wat om en by die draai van die twintigste eeu werksaam was, het die Calvinistiese geloof van sy kinderjare verwerp en sy hoop gevestig op wetenskap, evolusie, sielkunde en utopiese sosialistiese fantasieë wat wyd in omloop was onder intellektueles van sy tyd. Dewey het sy opvoedkundige filosofie ontwikkel rondom die idee dat die menslike rede en gedragsielkunde, studente kan vorm wat in harmonie met mekaar kan saamleef as goeie sosialiste wat volgens hom 'n "moreel verhewe" lewenswyse is. Sy "siening was dat die belangrikste taak van hoër onderwys nie is om studente in die strewe na waarheid, wat hy beskou het as 'n veranderende konsep, te lei nie ... maar na 'sosialisering' sodat hulle vir die intellektuele beweging gewerf sou kon word om 'die wêreld te verander'" (George Roche, The Fall of the Ivory Tower, bl. 188). As 'n wêreldse humanis het Dewey die idee verwerp van 'n Bybelse God en universele onveranderlike morele waardes van reg en verkeerd. Hy het op gevoelens en ervaring gefokus en die belangrikheid van lees, skryf en die feite van die geskiedenis as van minder belang afgemaak.

Gevul met 'n "visie" vir die beskawing, het John Dewey en sy sosialistiese kollegas 'n langtermynplan ontwikkel om "Amerika radikaal te verander, deur hulle utopiese visie van 'n kollektivistiese samelewing af te dwing". Die plan was om studente te gebruik as die middel tot hulle idealistiese doel (Samuel Blumenfeld, Crimes of the Educators, bl. 1). Die nuwe en verbeeldingryke idees van Dewey en sy volgelinge het die afgelope 150 jaar, progressiewe Amerikaanse en Westerse opvoedkundiges beïnvloed en díe invloed duur tot vandag toe voort.

'n Derde faktor wat opvoedkundiges beïnvloed het, het gepaardgegaan met 'n duidelike anti-Amerikaanse en anti-Westerse element. In die 1930's het 'n groep Duitse Marxistiese geleerdes van die Frankfort Instituut vir Maatskaplike Navorsing, uit Duitsland gevlug toe die Nazi's aan bewind gekom het. Hierdie teoretici, wie se idees bekend geraak het as die "Frankfortskool", het hulle tuiste in liberale Amerikaanse universiteite gevind, waar hulle uitgedink het, wat sommige mense nou "kulturele Marxisme" noem. Dit is 'n strategie om 'n kulturele rewolusie te skep om die Westerse kapitalisme te ondermyn, Bybelse waardes as "verouderd" te verklaar en 'n utopiese, sosialistiese samelewing tot stand te bring. Hierdie teoretici het geglo (en glo nog steeds) dat Karl Marx se verwagte proletariese rewolusie in die Weste misluk het as gevolg van verskanste Christelike waardes van die gesin en sedes, individuele vryhede en private grondbesit.

Om hulle kulturele rewolusie ten uitvoer te bring, sou dit nodig wees dat hierdie "kulturele Marxiste" begin met 'n "geleidelike insypeling in die instellings"; volgens die woorde van een aktivis, om beheer oor die kultuur te verkry deur middel van die onderwys, media, howe en uiteindelik die politieke stelsel. In die denke van baie lede van hierdie beweging, sou dit nodig wees om die invloed van die Bybel en die Christendom te ondermyn en uit te skakel, die gesin op te breek, die tradisionele geslagsrolle vir mans en vrouens te ontwrig en die fundamentele aspekte van die Westerse geskiedenis en be-

skawing in onguns te bring in die naam van multikulturalisme – die idee dat alle kulture gelykwaardig is en dat geen kultuur verhewe is bo 'n ander nie (die heel minste van almal, die Westerse kultuur). Nuwe waardes van verdraagsaamheid en diversiteit sou ingestel word. Daar sou ook daarop aangedring word dat seksuele gedrag wat jare lank tradisioneel veroordeel is as normaal en selfs wenslik aanvaar word.

Om in hierdie nuwe wêreld enigiets negatief oor 'n ander kultuur te sê, sal sterk ontmoedig word as "onsensitief" of "bevooroordeeld" – met die uitsondering van Judeo-Christelike kulturele konsepte, wat vrylik gekritiseer kan word (Alvin Schmidt, The Menace of Multiculturalism, bl. 3). Hierdie bedrieglike idees het opvoedkundige instellings in Amerika en die Weste deurtrek nadat dit deur studente-radikales van die 1960's aanvaar is – radikales wat vandag onderwysers, administrateurs, regters, joernaliste, akteurs, rolprentvervaardigers en politici is.

Die dodelike vrugte van hierdie "progressiewe" benadering tot onderwys is vandag oral in Amerika en in ander Westerse lande sigbaar. Vryheid van spraak – selfs vryheid van denke – het plek gemaak vir voortdurende polisiëring van openbare akademiese uitsprake om "aanhitsende woorde" en "mikro-aggressies" uit te roei sonder om die waarheid van wat gesê word in ag te neem. Idees wat nie die anti-Westerse kulturele agenda bevorder nie, word bespotlik gemaak en selfs onderdruk.

Die resultate is vreesaanjaend. "Westerse universiteite het plekke geword van persoonlike vrees en intellektuele terreur", sê die Europese waarnemer Giulio Meotti. "Wanneer 'n mens van mening verskil, sal opvoedkundiges, politieke leiers, die media en die menigte probeer om mens te vernietig" ("Europe's New Academic Fascism," Gatestone-Institute.org, 23 Februarie 2020). Dit gebeur tans in Amerika en in ander Westerse nasies wat voorheen respek vir gesag en die waarde van vryheid van spraak geleer het.

Benewens die direkte aanval op die Judeo-Christelike moraliteit, word byna enige verwysing na die belangrikheid van die Amerikaanse geskiedenis of die voordele van die Westerse beskawing in die klaskamers en deur die media met krete van bespotting begroet. Radikale aktivistiese professore behaal sukses deur verdraaide geskiedkundige gebeure weer te gee, wat die prestasies van Westerse kulture ignoreer. Hulle fokus buite verhouding op verhale van onderdrukking, uitbuiting en uitwissing. Sommige van hierdie boeke word wyd versprei in skole en het miljoene jongmense verbitterd gemaak teenoor hulle eie kulturele erfenis. Die verstommende ironie van ons tyd, is dat terwyl radikale progressiewe opvoedkundiges besig is om die prestasies en voordele van die Westerse beskawing en die Bybelse elemente in hulle grondslag as boos voor te hou, is daar baie nie-Westerlinge wat die Weste se bydraes tot die verbetering van die mensdom aanprys (sien byvoorbeeld The Book that Made Your World: How the Bible Created the Soul of Western Civilization, deur die Indiese geleerde Vishal Mangalwadi).

## 'n Toestand van morele agteruitgang lank gelede voorspel

Dit is tragies dat baie studente en baie volwassenes van vandag, wat produkte van hierdie misleide onderwysstelsel is, nie kan insien hoe hulle gekondisioneer is om die een Bron te verag en te ignoreer wat gewaarsku het teen wat in die moderne Westerse wêreld aan die gang is nie. Daardie selfde Bron openbaar ook waarheen hierdie dramatiese veranderings besig is om te lei en wat anderkant hierdie onstuimige tydperk lê. Daardie unieke Bron is die Bybel.

Meer as 3,000 jaar gelede het God vir Moses geïnspireer om die Israeliete te waarsku dat hulle geseën sou word vir gehoorsaamheid aan God se Wette, maar dat hulle ernstige gevolge sou ly – met in begrip van nasionale ballingskap – indien hulle ongehoorsaam is en Hom verwerp (Levítikus 26; Deuteronómium 4 en 28). Moses het selfs gesê: "Want ek weet dat julle ná my dood gewis verderflik sal handel en sal afwyk van die weg wat ek julle

beveel het, sodat die onheil julle aan die einde van die dae sal teëkom, omdat julle sal doen wat verkeerd is in die oë van die HERE om Hom deur die werk van julle hande te terg" (Deuteronómium 31:29). Ten spyte van die voortgesette waarskuwings deur Bybelse profete, het die Israeliete in die daaropvolgende eeue hulleself van God en Sy weë gedistansieer. In die geskiedenis is opgeteken dat hulle presiés daardie gevolge gely het waarteen hulle gewaarsku is.

Baie Bybelgeleerdes erken dat hierdie profesieë betrekking het op tye lank ná die dae van antieke Israel en dat hulle uiteindelike vervulling in die "laaste dae" sal wees. Onder die redes van waarom Israel hulle van God gedistansieer het, was hulle gewilligheid om misleide leiers te volg – konings, priesters en leraars wat leuens en vals idees verkondig het wat die volk gedistansieer het van God en Sy woord. Dit word duidelik gestel in die Skrif, waar God die volk waarsku: "o My volk, jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak" (Jesaja 3:12) en meld dat hulle kultuur so verwronge geraak het dat hulle "sleg goed noem en goed sleg" (Jesaja 5:20). Dit is 'n jammerte, maar ons sien vandag hoe hierdie profesieë in die moderne Israelitiese nasies van die Weste vervul word. (Lees gerus ons boekie Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?, vir meer besonderhede oor die identifisering van hierdie nasies in profesie.)

Die slegte nuus vir die nasies van die Weste is dat hulle toenemende goddelose filosofieë en lewenswyse hulle deur 'n tydperk van ernstige beproewings en tragedies sal neem in die jare wat voorlê. Die goeie nuus – die ware Evangelie wat min mense vandag hoor, verstaan of glo – is egter dat Jesus Christus na hierdie aarde sal terugkeer en nie net die Israelitiese volke sal seën nie (Jesaja 11:11-13), maar Hy sal ook die Koninkryk van God vestig, wat vrede en voorspoed vir die hele mensdom sal bring (Jesaja 9:6-7). Op daardie tydstip sal daar "tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom" (Handelinge 3:19-21) namate die Woord van God vanaf Jerusalem oor die hele wêreld versprei (Jesaja 2:2-4). Hierdie wêreldwye poging van heropvoeding sal onderneem word deur onderwysers wat aan die wêreld sal toon wat die regte manier is om te leef – gebaseer op die Bybelse beginsels in God se geïnspireerde Woord (Jesaja 30:20-21). Die Boek wat 'n groot bydrae tot die grondslag vir die Westerse beskawing gelewer het – hoewel dit vandag deur vooruitstrewende opvoedkundiges bespot en verwerp word (Hoséa 8:12) – sal die grondslag word vir alle samelewings en kulture in die toekomstige Koninkryk van God. Dit is iets waarvoor u kan voorberei en deel daarvan kan wees indien u deur die newel kan sien wat deur vandag se misleide opvoedkundiges geskep word en die waarhede kan onderskei wat hulle probeer om weg te steek. WvM


# Suksesvolle ouerskap volgens God se riglyne

***Wat is die wesenlike doel van ouerskap? Is dit bloot om kinders groot te maak om onafhanklike, bekwame volwassenes te word, of behels dit veel meer?***

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

# "As my volk hulleself sal verootmoedig ..."

Deur Rod McNair

***In 'n wêreld waar nederigheid aan die afneem is, het ons dit meer as ooit nodig.***

"Dit is verootmoedigend". Die eienaar van 'n klein onderneming het sy gevoel oor die COVID-19-krisis, wat vinnig besig was om te begin ontwikkel, met my gedeel. Ons het net 'n rukkie tevore ontmoet en het 'n gesprek aangeknoop terwyl ons vir ons afsprake gewag het. Hy het aan my vertel dat hy ongeveer 70 werknemers in sy vervaardigingsonderneming het en dat hy sukkel om voor te bly met die gebeure. Dit was aan die begin van die virus se impak regoor Amerika en inperkings was nog nie in plek nie. Hierdie bekommerde sakeman het gesukkel om die oorweldigende hoeveelheid nasionale, staats- en plaaslike riglyne te verwerk en hoé sy onderneming sou kon funksioneer in die nuwe pandemie-omstandighede. Hy het die maatskappy se beleide geskryf en herskryf en gesorg dat sy onderneming aan 'n reeks nuwe regulasies voldoen, terwyl hy boonop nog geworstel het met die uitdaging om sy werknemers veilig en beskermd te hou. Sy besigheid was nie een van daardie besighede wat as "noodsaaklik" beskou is nie en baie min van sy werknemers kon van die huis af werk. Die toekoms was vir hom kommerwekkend.

Deurgaans was ek getref deur sy opmerking: "Dit is verootmoedigend". Soveel as wat ek simpatie gehad het vir die man se situasie, kon ek nie anders as om beïndruk te wees deur sy gesindheid nie. Hy was waarlik bekommerd. Hy het sy reaksie te kenne gegee op 'n manier wat gedui het op sy diepe en grondige erkenning dat hy nie ál die antwoorde het nie en dat hy hulp sou moes soek buite homself.

**'n Seldsame gesindheid**

Ons hoor deesdae nie veel van nederigheid nie. Ons prys nie die nederiges nie; ons prys die hoogmoediges. Al te dikwels volg ons die stroom van die samelewing rondom ons en beklemtoon die boodskap aan ons kinders dat om seker van onsself te wees en selfvertroue te hê, die sleutel tot sukses in die lewe is. Een radikale gedeelte van die samelewing het selfs die woord "trots" as 'n visitekaartjie aangeneem, asof arrogansie en waagmoedigheid eienskappe is om bewonder te word.

Toe koning Salomo die tempel in Jerusalem ingewy het, het hy gebid dat God vir Sy volk sal ingryp wanneer hulle rampspoed in die gesig staar. God se antwoord aan Salomo mag dalk in die hele Bybel een van die mooiste en bemoedigendste gedeeltes wees, met die belofte dat as "... my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees" (2 Kronieke 7:14). Nader ons God met nederige verootmoediging wanneer ons om hulp roep?

Jesus Christus het ons die waarde van nederigheid geleer. "Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word" (Matthéüs 23:12). Ons Verlosser was die volmaakte voorbeeld van nederigheid – selfs tot met Sy dood. "... en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis" (Filippense 2:8). Nederigheid is nie net sommer een of ander sentimentele vorm van beleefdheid of manier van praat nie; dit is 'n lewenswyse. God slaan ag daarop. Die apostel Jakobus het een van die spreekwoorde van Salomo aangehaal en herinner ons: "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade" (Jakobus 4:6; vergelyk 1 Petrus 5:5; Spreuke 3:34).

Nederigheid is een van die grondliggende deugde van die bekeerde Christen (Kolossense 3:12; Titus 3:2). Dit vorm die manier waarop ons onsself en ons plek in die heelal sien. Dit behoort die kern van ons verhouding met ons Skepper te vorm – veral in tye van nood. Of u nou 'n eienaar van 'n besigheid is wat verantwoordelik is vir die lewensbestaan van baie werknemers of 'n ouer wat verantwoordelik is vir die veiligheid en ontwikkeling van u kinders of 'n werker wat sukkel om met sy geld uit te kom te midde van ekonomiese chaos, u het u deel van Godgegewe verantwoordelikheid. Die heel belangrikste verantwoordelikheid van alles is om te erken: "Ek moet my deel doen, maar dit is God wat in beheer is, vir wie ek moet liefhê en gehoorsaam".

Nou, meer as ooit, is dit tyd vir nederigheid. WvM

# 'n Perfekte storm ['n Ongelukkige sameloop van omstandighede]

## Deur Gerald E. Weston

***Hoe die perfekte storm in 2020 gerealiseer het en waarom ons nie gereed is vir die volgende een nie!***

Baie van u het die rolprent, *The Perfect Storm* gesien, wat in 2000 vrygestel is en waarin die sameloop van die uiterste ongunstige weersomstandighede aan die noordkus van Noord-Amerika in 1991 uitgebeeld word. Dit het meer as $200 miljoen se skade veroorsaak en golwe veroorsaak wat 'n rekordhoogte van 30,7 meter (ongeveer 101 voet) bereik het langs die kus van Nieu-Skotland. Vandag is die term "perfekte storm", in die hoofstroom woordeskat opgeneem, wat gebruik word om 'n dinamiese sameloop van gebeure te beskryf wat, indien dit gelyktydig plaasvind, baie erger gevolge meebring as wat die individuele gebeurtenis sélf sou veroorsaak.

'n Ander term wat ons deesdae hoor, is "swart swaan". Soos *Investopedia.com* verduidelik, word die term gebruik om "'n onvoorspelbare gebeurtenis te beskryf met meer verreikende gevolge as wat normaalweg van 'n situasie verwag sou word en wat potensieel ernstige gevolge kan hê. *Swart swaan*-gebeurtenisse *[Black Swan]* word gekenmerk deur hulle uiterste seldsaamheid, hulle hewige impak en die wydverspreide aandrang agterna dat dit definitief duidelik aan die kom was".

Die jaar 2020 het die sameloop van 'n verskeidenheid lewensveranderende omstandighede en 'n baie buitengewone gebeurtenis beleef. Neem die volgende in oënskou.

**'n Perfekte storm skeur die Europese Unie**

Ons hier by die *Wêreld van Môre,* voorspel lank reeds – in teenstelling met gesaghebbendes en konvensionele wysheid – dat die Verenigde Koninkryk uiteindelik die Europese Unie sal verlaat. Het ons dit geweet omdat ons slimmer was? Beslis nie. Ons het dit verstaan op grond van die Bybel se profesieë. Om dieselfde rede het ons die ineenstorting van die Ystergordyn voorsien – dit moes gebeur sodat profesie vervul kon word. Net soos Brexit, het die val van die Berlynse muur in 1989 redelik vinnig gebeur – oor 'n tydperk van slegs 'n paar maande. Elke gebeurtenis het die wêreld geskok, maar diegene wat die Bybel verstaan, was nie geskok nie.

Die Europese Unie het Brexit nie sien kom nie. Hulle het nie geglo dat die Britte dit sou doen nie! Selfs baie mense in die VK kon dit nie sien aankom nie. David Cameron het die belofte nagekom wat hy gedurende sy veldtog gemaak het, naamlik om 'n referendum uit te roep om te bepaal of die Britte in die Europese Unie behoort te bly of dit te verlaat. Dit was 'n waagstuk wat hy gedink het hy kan wen.

Op 23 Junie 2016, die dag van die stemming, was ek in Brussel en dit het gelyk of die waagstuk suksesvol sou wees. Twee van die mees vooraanstaande leiers van die "uittree"-faksie, die immer uitgesproke Nigel Farage en die flambojante Boris Johnson, het daardie aand op televisie toegegee dat, hoewel hulle hul bes gedoen het, hulle nie sou slaag nie. Die volgende oggend, tot almal se verbasing, het ons verneem dat die Britte gedoen het wat niemand gedink het hulle ooit sou doen nie: Hulle het gestem om die EU te verlaat.

Brexit het die Europese Unie tot in sy fondamente geskud. Slegs diegene wat Bybelprofesie verstaan, was nie geskok nie. Verbaas, ja, maar nie geskok

nie, want selfs wanneer 'n mens verwag dat iets sal gebeur, kan dit soms nog steeds 'n verrassing wees wanneer dit wél gebeur. Ons boekies *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* en *Die Dier van Openbaring: Mite, beeldspraak of Werklikheid?* verduidelik waarop hierdie verwagting gebaseer is.

Noudat die Britte uitgetree het, wie anders mag dalk ook die EU verlaat – veral met soveel ontevredenheid onder die burgers van verskeie lande? Referendums en meningspeilings dui daarop dat die burgers van 'n toenemende aantal EU-lande verkies om die EU te verlaat.

Toe kom die onverwagte swart swaan te voorskyn. Indien die Europeërs, Brexit nie sien kom het nie, was hulle selfs nog minder bewus van COVID-19 wat aan die kom was, selfs al was daar baie stemme – met inbegrip van ons eie hier by die *Wêreld van Môre* – wat gewaarsku het dat 'n ontwrigtende siekte-uitbreking nie net 'n kwessie van *of* is nie, maar van *wanneer.* Indien Brexit die kontinent uitmekaar geskeur het, het hierdie mikroskopiese vyand dit byna heeltemal verpletter toe paniek ingetree het en dit "elkeen vir homself" geword het.

Die *Financial Times* het Emmanuel Macron aangehaal toe hy die situasie in Europa "'n oomblik van waarheid" genoem het. Na 'n onderhoud op 17 April 2020 met die Franse president, is daar in die koerant berig dat "die EU sal ophou om as 'n politieke projek te bestaan indien hulle nalaat om lande te help wat deur die koronavirus verwoes is. Mnr. Macron het ook te velde getrek teen die skynheiligheid van die noordelike lidlande wat voordeel trek uit die unie, maar nie daarin slaag om die 'laste' te deel nie ... die Franse president het gesê dat daar 'nie 'n ander keuse' is nie as om 'n fonds te stig wat vir 'gemeenskaplike skuld 'n gemeenskaplike waarborg kan uitreik' om lidlande te finansier volgens hulle behoeftes, in plaas van volgens die grootte van hulle ekonomieë". Hy het toe die angswekkende waarskuwing bygevoeg: "Indien ons dit nie vandag kan doen nie, sê ek aan u dat die populiste sal wen – vandag, môre, die dag daarna, in Italië, in Spanje, miskien in Frankryk en elders" (Mehreen Kahn, "*Brussels scuffles with car industry over green targets*," *The Financial Times*, 17 April 2020).

Hoé suksesvol leiers sal wees om die EU aanmekaar te hou, moet nog gesien word. Bybelprofesie dui egter aan dat tien "konings", leiers of nasies aan die einde van hierdie tydperk hulle mag sal oorgee aan 'n charismatiese leier wat "die dier" genoem word (Openbaring 17:12-13). Ons kan dus in die nabye toekoms een of ander soort heraanpassing in Europa verwag, hetsy as gevolg van hierdie krisis of van een wat nog kom.

**'n Perfekte storm trek saam uit alle oorde op Australië**

Enigiemand wat op hoogte van die nuus is, kan insien dat Australië die afgelope jaar of twee meer as sy deel van slegte nuus gehad het. Vir Australiërs is droogtes, brande en oorstromings nie vreemd nie en hulle is 'n geharde klomp mense. Onlangs het hulle egter een tragedie na die ander beleef. Eerstens was daar die droogte van sewe jaar in die noorde van Queensland. Daarna, toe dit uiteindelik aan die einde van Januarie 2019 begin reën, het dit net aangehou reën. Aanvanklike ramings het aangedui dat die oorstromings in Februarie 'n halfmiljoen beesvrektes tot gevolg gehad het, maar later is beraam dat dit ongeveer 600,000 was. Wildbevolkings was ook uitgewis.

Dit was nie 'n goeie begin vir 2019 nie, maar dit sou nie die enigste ramp vir dié jaar wees nie. In die grootste deel van Australië was dit die warmste en droogste jaar wat nog ooit aangeteken is asook een van hulle ergste brandseisoene. Nieu-Suid-Wallis en Queensland was veral hard getref. Geen gebied het egter die verwoestende bosbrande vrygespring nie. Dit het oor 'n gebied gestrek so groot soos die VS-staat Pennsilvanië, voordat dit in Februarie 2020 uitgebrand het. Na raming is een miljard wilde diere uitgewis in 'n verwoestende slag vir die kangaroe- en koala-bevolkings. Dit het ernstige skade aangerig aan Australië se uiteenlopende en unieke versameling van natuurlewe.

Dit lyk toe asof dinge nie

erger kan word nie, maar daar land die COVID-19 swart swaan ook in Australië – "*the land down under*". Leiers van baie lande bid tans vir die genade van God, maar die premier van Australië, Scott Morrison, het dit openlik gedoen. Ons wens die beste vir sy nasie toe. Indien daar egter nie 'n ware terugkeer na God is en 'n wegdraai van die onsedelike gedrag van Australië en ander nasies nie, sal nog erger plae ons lot wees.

**'n Perfekte plaag storm Afrika binne**

Dit lyk asof Afrika altyd swaarkry en 2019 was veral 'n baie moeilike jaar, aangesien baie lande op dié vasteland deur droogtes *en* oorstromings geteister is. Ongewone nat weer in die Horing van Afrika het 'n buitengewone ryk oes opgelewer, maar daarmee saam het die woestynsprinkane gekom. Soos in die *Globe and Mail* in Januarie 2020 berig is, het "sprinkane wat bykans Bybelse afmetings aangeneem het, die jongste bedreiging geword vir verarmde boere wat deur die onlangse klimaatverwante rampe oor die rand van die afgrond gestoot is". Die verslag het voorts gelui: "'n Enkele sprinkaan kan 150 kilometer [93 myl] ver vlieg en vreet elke dag soveel as sy eie gewig aan kos – ongeveer twee gram. 'n Klein swerm van so 40 tot 80 miljoen sprinkane, wat 'n vierkante kilometer oordek, kan soveel kos per dag verorber as wat 35,000 mense in 'n dag eet. Die grootste sprinkaanswerm in die noordooste van Kenia, strek oor 'n area van 60 kilometer by 40 kilometer – drie keer so groot soos Toronto – wat uit soveel as 190 miljard sprinkane bestaan, wat daagliks soveel as 90 miljoen mense se kos verorber". ("Sprinkaanswerms in Kenia, die ergste in 70 jaar en neem steeds toe," *TheGlobeAndMail.com*, 28 Januarie 2020).

Dít was in Januarie 2020. Tans bedreig "'n tweede vlaag woestynsprinkane Oos-Afrika en dit word beraam dat dit 20 keer erger sal wees as die plaag wat twee maande tevore op hulle toegesak het" ("Tweede vlaag sprinkane in Oos-Afrika klaarblyklik 20 keer erger," *The Guardian*, 13 April 2020).

Daar word opgemerk dat die woestynsprinkaan beskou word as "die mees vernietigende trekpes in die wêreld", het die Verenigde Nasies se Voedsel-en Landbou-Organisasie berig: "Die toename in die getalle van die Woestynsprinkaan bly steeds kommerwekkend, veral in Ethiopië, Kenia en Somalië, waar dit 'n ongeëwenaarde bedreiging vir die beskikbaarheid van voedsel en lewensbestaan is. Ongeveer 20 miljoen mense in die Ses lande van Oos-Afrika – Ethiopië, Kenia, Somalië, Suid-Soedan, Uganda en Tanzanië – wat die ergste geraak word of gevaar loop vir sprinkane, asook 'n verdere 15 miljoen mense in Jemen, wat ook deur die plaag geraak word, ervaar reeds ernstige onsekerheid oor die beskikbaarheid van voedsel" (Die "*FAO [Food and Agriculture Organization]* gaan voort om 'n hernude vlaag sprinkane in Oos-Afrika en Jemen te beveg ten spyte van COVID-19 se inperkings" *UN.org*, 14 April 2020).

Dit is egter nie net Afrika wat bedreig word nie. Volgens *Business Insider* word woestynsprinkane "in ongeveer 30 lande regdeur Afrika, Asië en die Midde-Ooste aangetref en hulle kan deur een vyfde van die landmassa van die aarde trek" ("S*prinkaanswerms dwing Somalië om 'n nasionale noodtoestand te verklaar. Grillerige foto's wys hoe dreigend hierdie plae kan wees*," 28 Februarie 2020). Swerms beweeg alreeds van die Horing van Afrika na die Midde-Ooste tot so ver as Jemen, Saoedi-Arabië, Iran en Pakistan.

Hierdie perfekte sprinkaanstorm is "op steroïede", want die swart swaan wêreldwye pandemie, belemmer pogings om die plaag te beheer: "Amptenare van Kenia het gesê die koronavirus se streng ingrypingsmaatreëls belemmer pogings om die plaag te beveg, omdat dit moeiliker word om grense oor te steek en die aflewering van plaagdoders word vertraag. Lugbespuiting is die enigste effektiewe manier om sprinkane te beheer, maar daar was al klagtes dat vee deur die plaagdoders aangetas word" (*The Guardian*, 13 April, 2020).

Volgens *Weather.com: "*Die terugslae word vererger deur die wêreldwye maatreëls wat geneem word om die verspreiding van COVID-19 te bekamp. Kundiges kan nie meer

binnelands rondreis om vergaderings by te woon om plaaslike inwoners op te lei om die sprinkaanbedreiging te bekamp nie" ("Ongelooflike groot sprinkaanswerms bedreig die Midde-Ooste," 18 Maart 2020).

Wat meer is, "Uganda se minister van landbou het gesê dat die owerhede nie genoeg plaagdoders uit Japan kan invoer nie en het verwys na die ontwrigting van internasionale skeepsvrag-versendings" ("Nuwe groter vlaag sprinkane bedreig miljoene mense in Afrika," *APNews.com*, 10 April 2020).

Ja, toestande kan vererger en dit het. Vandat ek begin het om hierdie artikel te skryf, het gietende reën oorstromings in Oos-Afrika veroorsaak gedurende Mei 2020. Ons *Wêreld van Môre* se verteenwoordiger in Kenia het ons oor hierdie verwikkelings ingelig:

> Lande in Oos-Afrika ondervind 'n "drievoudige aanslag" van sprinkane, COVID-19 en oorstromings. Daar is bykans 300,000,000 mense wat deur hierdie gebeure geraak word. Oorstromings het ál die gewasse wat die sprinkane nie verorber het nie, vernietig. Langdurige reënval het die ergste oorstromings ooit in sommige gebiede veroorsaak. Victoria-meer het met meer as twee meter (ses voet) gestyg en riviere het verwoestende strome geword. Derduisende mense is dakloos gelaat, 'n aantal het verdrink, sommige gesinne is lewendig onder modderstortings begrawe en honderde skape, bokke en beeste is meegesleur. Verskeie brûe is ook deur die vloedwater verwoes, wat vervoer lamgelê het. Intussen is die swaar reënval en die warm temperature ideaal vir sprinkane om uit te broei en daar word selfs meer skade deur hulle verwag.

**Die perfekte lente-storm**

Lente gaan oor blomme. Blomkwekers en kweekhuise regoor die wêreld het op groot skaal voorberei vir die lente in die Noordelike Halfrond. Van San Francisco, na Suid-Amerika, na die Nederlande, het die blombedryf egter oornag in duie gestort. Die *San Francisco Chronicle* het in Maart 2020 berig, "Meer as $1 miljoen se blomme is die vorige week op die San Francisco Blommemark vernietig toe hulle gereed gemaak het om te sluit. Boere het toegekyk hoe hulle lewensonderhoud aan die stingel verlep" ("Die blombedryf is erg benadeel deur die koronavirus-epidemie en besigheid het tot stilstand gekom," *SFChronicle.com*, 30 Maart 2020).

Kalifornië se totale snyblombedryf van $360 miljoen het verwelk. Blomkwekers het reeds voor die tyd al gesukkel en het op die minimum winsgrens gewerk as gevolg van buitelandse mededinging en vir baie mense beteken COVID-19 die einde van hulle besighede. "Daar sal waarskynlik nie 'n groot heropening wees vir die Lompoc-gebaseerde *Ocean View Flowers* wat slegs twee jaar tevore 40 miljoen stingels snyblomme opgelewer het nie. Volgens maatskappy- en industriebronne het die firma se moedermaatskappy, *Santa Barbara Farms*, wat die blomme produseer, die blomonderneming permanent gesluit" ("Koronavirus tref Kalifornië se snyblom-industrie op die slegste tyd," *LATimes.com*, 4 April 2020) Op 'n persoonlike vlak vind ek dit hartseer, aangesien ek gedurende my hoërskooljare, in die somer in Lompoc se blomlande gewerk het. Lompoc is 'n klein, stil, afgeleë dorpie met inwoners van 'n gemiddelde inkomste. Die meeste mense het nog nooit van die plekkie gehoor nie en nog minder kan hulle die naam behoorlik uitspreek *(dit is LOM-poke).* "'Hierdie is ons besigste en mees winsgewende tyd van die jaar,' het Mellano ['n derde generasie kweker en groothandelaar] gesê. 'Dit is dus absoluut die slegste tyd vir so iets om te gebeur.'"

Daar is elders soortgelyke verhale – almal om dieselfde rede. Twee lande wat veral swaar getref is deur die sameloop van hierdie twee "storms" (sprinkaanplae en die koms van COVID-19) is Kenia en

Ethiopië. Hulle is ook Afrika se belangrikste blomkwekers en tussen die twee van hulle het hulle 500,000 werkers in diens. Die blombedryf dra jaarliks $1 miljard by tot Kenia se ekonomie en is verantwoordelik vir 'n kwart van Ethiopië se uitvoerverdienste. Die pandemie het die gevolge van die sprinkaanplae vererger, wat albei lande verwoes het. Rose is veral 'n spesialiteit in Kenia en plante gaan agteruit tensy hulle besproei, bemes, gesnoei en algemeen versorg word. Kwekers word geknel tussen verlore inkomste en wat dit kos om hulle toekoms te verseker. “'Hierdie is ook die periode met die belangrikste dae vir die blombedryf, soos Valentynsdag, Internasionale Vrouedag en Moedersdag', het Van Schie [van *Royal FloraHolland Co*.] gesê. 'Die krisis waarmee ons nou te kampe het, kon nie op 'n slegter oomblik gekom het as hierdie nie'” (“Oos-Afrika se blombedryf verwelk as gevolg van verkope aan Europa wat opdroog,” *VOANews.com*, 17 April 2020).

**Die perfekte oliestorm**

Oliepryse het nog altyd gestyg en weer gedaal. Baie van ons kan nog die prysoorloë van brandstof van die vyftigerjare onthou, toe groot kettingvulstasies hulle pryse van tyd tot tyd ónder die winsgrens verlaag het om die onafhanklike vulstasies te dwing om hulle besighede te sluit. Hierdie “brandstof-oorloë” het verbruikers goed gepas omdat dit ten minste vir 'n tyd lank goedkoop brandstof beteken het.

Die Organisasie van Petroleumuitvoerlande (*OPUL2*) is in 1960 deur vier Midde-Oosterse state en Venezuela gestig. Dit het intussen uitgebrei na baie meer lande, waarvan die meeste in die Midde-Ooste en Afrika is. Min mense het eintlik aandag aan *OPEC* gegee tot Oktober 1973, toe die Arabiese lede van *OPEC* 'n uitvoerverbod ingestel het teen die lande wat Israel ondersteun het teen sy Arabiese bure tydens die Joom Kippoer [Versoendag]-oorlog. Pryse het gestyg, brandstof is gerantsoeneer en laer snelheidsgrense is regoor die Verenigde State [asook in Suid-Afrika] ingestel. Die dae van goedkoop olie was verby – ten minste vir 'n paar dekades. Alhoewel die verbod in Maart 1974 geëindig het, het die prys gestyg van 25 Amerikaanse sent per gelling in dele van die V.S. tot $1.50 en meer, voor die einde van die dekade.

Daar was 'n tyd toe dit gelyk het of die Verenigde State, die wêreld se grootste verbruiker van brandstof, waarskynlik aan die genade van olieprodusente in die Midde-Ooste oorgelewer sal bly. Daar kom toe egter hidrobreking *[fracking]* – 'n tegniek wat oorspronklik gebruik was om aardgas uit olieskalie te onttrek en later is bevind dat dit ook koste-effektief is om die olie te onttrek. Dit het gelei tot die ontwikkeling van die olieskalieneerslae in Noord-Dakota, Oklahoma en talle ander state. Binne 'n paar jaar het die Verenigde State 'n netto-uitvoerder van olie geword en pryse het begin stabiliseer, selfs begin om te daal. Dit het ook beteken dat daar 'n ander mededinger in die mark was. Ander olieproduserende lande sou graag wou sien dat hidrobrekers se sake ondergaan.

Om energie-onafhanklik te word, behoort goeie nuus te wees, ten minste vir die Verenigde State, al is dit nie vir ander olieproduserende gebiede in die wêreld die geval nie. Toe het die onverwagte, “swart swaan” – die koronavirus – die “swart goud” se plek ingeneem, as die bedryf se bekommernis. Vliegtuie het nie meer gevlieg nie. Mense het opgehou om te ry. Toe die groot olieprodusente, Saoedi-Arabië en Rusland, sien hoe hulle inkomste soos mis voor die son verdwyn, het hulle begin met 'n olie-oorlog en pryse so laag laat daal dat termynkontrakte van olie op 20 April 2020 vir 'n kort tydjie negatief geraak het, wat beteken *dat u betaal sou word sodat hulle daarvan ontslae kon raak!*

Let op hoe *Forbes* die effek van negatiewe termynkontrakte van olie beskryf: “Een termynkontrak van olie koop 1,000 vate, wat dus 'n negatiewe prys van $-40 beteken, is dus dat 'n mens, teoreties, die regte op 1,000 vate olie kon kry en terselfdertyd 'n betaling van $40,000 ontvang kan ontvang. Indien dit na gellings oorgesit word, kan mens ongeveer 42,000 gelling ru-olie ontvang en boonop vir die olie $40.000 betaal word! Dink

*Vervolg op bladsy 26*

# O Kanada! Bly in kontak tydens isolasie

Deur Jonathan Riley

**Baie van ons het die afgelope tyd** 'n baie hoër vlak van fisiese isolasie beleef as wat ons nog ooit tevore ervaar het en boonop vir 'n langdurige periode, omdat die regerings se inperkings gedurende die piek van die COVID-19-pandemie, soveel as 'n derde van die wêreldbevolking geraak het. Diegene wat egter in die uithoeke van die aarde woon, het dalk in 'n mindere mate die verskil opgemerk. In yl bevolkte gebiede waar dit is, kan mense die meeste van die tyd afgesonder wees van mekaar en "sosiaal verwyderd" wees van vriende, bure en familielede.

Hierdie tydskrif het intekenare in afgeleë wêrelddele, waaronder sommige van hulle in streke noord van die Noordpool-sirkel woon. In hierdie uitgawe wil ons lig werp op die lewe van een van ons intekenare wat in so 'n streek woon.

**Die perspektief van 'n verafgeleë intekenaar**

Gjoa Haven is 'n klein dorpie met minder as 1,200 lede van die Inuit-stam in die noordelike gebied van Nunavut. Dit is geleë binne die Arktiese Sirkel – nader aan die Noordpool (minder as 2,400 km) as aan die Kanadese hoofstad Ottawa. Die dorp het 'n gemiddelde daaglikse temperatuur van net 6,1° Fahrenheit (-14,4° Celsius). Om dit in 'n duideliker, ysige perspektief te plaas: Die gemiddelde jaarlikse *reënval* in Gjoa Haven is net 3 duim (7,8 cm), terwyl die gemiddelde jaarlikse *sneeuval* 51 duim (130 cm) is!

Die plaaslike taal is *Inuktitut* en die Inuïte noem hierdie plek *Uqsuqtuuq* wat beteken "'n groot hoeveelheid vet", vanweë die magdom van see-soogdiere in die streek. Die Engelse naam vir die gemeenskap verwys na hulle geskiedkundige rol in Roald Amundsen se ontdekking van die "Northwest Passage" *(see "Gjoa Haven, Nunavut", in the November-December 2017 issue of the Tommorow's World magazine). Gjoa* was die naam van Amundsen se skip. Die manne op hierdie ekspedisie het twee winters in hierdie streek deurgebring en het interaksie met die plaaslike Inuit-bevolking gehad en van hulle geleer.

Adam Hatkaitok is gebore en het grootgeword in Gjoa Haven. Hy lees en bestudeer die Engelse uitgawe van die *Wêreld van Môre* al vir 'n aantal jare. Ons het 'n onderhoud met hom gevoer oor die lewe in so 'n geïsoleerde streek en hoe hy met ons publikasie in aanraking gekom het.

***Wêreld van Môre* (WVM): Hoe was dit om in Gjoa Haven groot te word?**

Adam Hatkaitok (AH): Wel, die eerste antwoord wat ek vir u kan gee is: "nogal koud", maar dit is in die haak. Ons kan die isolasie hanteer. Wanneer 'n mens al so lank in die noorde woon, word die koue soort van pret, soos om in die sneeu te speel wanneer 'n mens grootword. Die meeste skoolwerk is basies dieselfde as in enige ander plek in Kanada, hoewel skole tans gesluit is weens COVID-19.

**WVM: Voel u afgesonder van die res van die wêreld of het die afstand nie 'n uitwerking op u nie?**

AH: As gemeenskap ken ons almal mekaar baie goed, daarom is ons bymekaar betrokke. Is ons egter afgesonder van die wêreld? Ja, ons voel dit baie duidelik. Wanneer ons vir mediese redes reis, beskou die meeste mense dit as iets opwindends en onderneem hulle die reis met vreugde.

**WVM: Selfs al het hulle 'n gesondheidsprobleem, is hulle stééds opgewonde om vir 'n kort rukkie buite die gemeenskap te reis?**

AH: O ja, verseker!

**WVM: Het die reaksie op COVID-19 u of u gemeenskap beïnvloed? Is dit 'n voordeel om tydens hierdie krisis geïsoleerd te wees?**

AH: Vir die eerste keer in Nunavut se geskiedenis

bestel mense hulle kruideniersware aanlyn. Nunavut is een van die laaste plekke in die wêreld wat geen gevalle van COVID-19 het nie.

**WVM: Indien u geen gevalle in die dorp het nie en van buitestaanders afgesluit is, waarom is dit dan nodig om enigiets te verander?**
AH: Hulle wil COVID-19 uit die Nunavut-gebied hou omdat ons geen hospitale of dokters in die meeste gemeenskappe het nie – ons het verpleegsters en plaaslike gesondheidsklinieke. Indien dit Nunavut wél sou raak, sal dit 'n baie negatiewe uitwerking op ons gemeenskappe hê, want daar is baie mense met asemhalingsiektes.

**WVM: Hoe het u gemeenskap verander sedert u jonk was of is dinge nog dieselfde?**
AH: Daar was geringe veranderings. Wel, die huidige dwelmaktiwiteit – kinders onder die ouderdom van twaalf jaar, begin dagga gebruik. Sommige kinders gaan nie skool toe nie. Dit is waarskynlik een van die grootste probleme, asook 'n algemene gebrek aan respek wat in die gemeenskap die rondte doen en wat nou ernstig geword het.

**WVM: Waarom dink u, is dit besig om te gebeur?**
AH: Ek kan slegs die vinger wys na sosiale media. Almal hier is deesdae versot op die Internet, kletsrym musiek en soortgelyke dinge. In my jong dae was ek toegelaat om na die musiek te luister waarvan ek gehou het, maar ek mag nooit ooit hulle voorbeelde gevolg het nie. Selfs films en TV-reekse – ons was toegelaat om daarna te kyk, maar mag ook nooit húlle voorbeeld gevolg het nie. Ek dink egter die probleem is deesdae wêreldwyd. Ons sien baie van die jeugdiges wat na hierdie dinge kyk en luister en in sommige gevalle dit op hulleself van toepassing maak. Die jeug het nog steeds baie respek vir die ouer garde. Daar word net sóveel geduld voordat hulle moet luister na wat ouer mense sê. Wanneer die ouers of selfs grootouers agterkom dat die jong mense gemeen is met mekaar, sal hulle gaan sit en met hulle praat en hulle [die jeug] sal ag slaan op hulle raad.

**WVM: Hoe lank is u al 'n intekenaar op die Engelse weergawe van die *Wêreld van Môre* en hoe het u die eerste keer van ons gehoor?**
AH: Wel, dit het soort van begin toe ek klein was. Ek het na die radio geluister en het hierdie man met die naam, Herbert W. Armstrong, gehoor en hy het iets gesê oor 'n komende Koninkryk. Daar was heruitsendings op die plaaslike radio – soos byvoorbeeld waar hulle musiek en onderhoude uit jare gelede speel. Daarna [in 2010] het ek Roderick C. Meredith op *VisionTV* gesien en dit is hoe ek aandag daaraan begin gee het. Ek het geen idee gehad van die verband tussen hulle totdat ek meer ondersoek ingestel het na die *Tomorrow's World* program nie. Alles, van aanlynmateriaal, boekies asook die tydskrif – dít was toe ek besef het dat mnr. Meredith nóu met mnr. Armstrong saamgewerk het.

**WVM: Indien u tydens hierdie COVID-19-krisis 'n boodskap aan die *Wêreld van Môre*-intekenaars kan stuur, wat sou u sê?**
AH: Wel, ek het soveel jare in isolasie geleef dat ek beslis kan sê dat ons aanpasbaar is. Ons kán aanpas. Dit lyk na 'n lang tyd, maar ek leef in isolasie en is nog steeds by my volle positiewe. Vir diegene wat deur hierdie moeilike tye gaan, kan ek sê dat dit op sekere maniere 'n seën kan wees, omdat 'n mens byvoorbeeld meer tyd met die gesin kan deurbring.

**'n Volgehoue missie**
Ons dank aan mnr. Hatkaitok dat hy tyd aan ons afgestaan het om sy interessante perspektief met ons lesers te deel!

Herbert W. Armstrong, ons voorganger in hierdie werk, het vanaf die vroeë dertigerjare oor die radio uitgesaai waarna hy na televisie uitgebrei het voor sy dood in 1986 en het die verste uithoeke van die wêreld bereik met die tydskrif, *Plain Truth*. Ons gaan voort met die Werk, deur hierdie publikasie en ander Wêreld van Môre-media en deur te preek en onderrig te gee oor die komende Koninkryk van God. Dit is die Goeie Nuus, die boodskap wat Jesus Christus aan Sy Kerk gegee het om onder al die nasies van die wêreld te versprei tot en met Sy Wederkoms. WvM

# Vrae & Antwoorde

## Hoe kan God jaloers wees?

**VRAAG:** In Exodus 20:5 sê God dat Hy 'n jaloerse God is, maar in Galásiërs 5:20 word jaloesie onder die sondige werke van die vlees genoem. Is dit 'n teenstrydigheid?

**ANTWOORD:** God kan nie sondig nie en ook kan Hy nie deur die kwaad versoek word nie (Jakobus 1:13; 1 Johannes 3:5). Die "jaloesie" wat in Exodus 20 genoem word, verwys in hierdie geval nie na 'n sonde nie, maar na 'n kwaliteit van God se geregtigheid. Daar word vir ons gesê: "Want jy mag jou nie neerbuig voor 'n ander god nie; want die HERE se Naam is Jaloers – 'n jaloerse God is Hy" (Exodus 34:14). "Jaloers" is nie net 'n *kenmerk* van God nie, maar ook een van Sy *name* wat Sy karakter beskryf.

Wanneer God beskryf word, gebruik die Bybel hierdie term in die konteks van Sy Wette teen afgodediens (vgl. Deuteronómium 4:23-24; 5:8-9; 6:14-15). Afgodery is 'n verbreking van die Verbond wat God met Israel gesluit het – 'n Verbond wat die nasie groot voorspoed en 'n rol as God se spesiale volk beloof het. Kort voordat Hy die Tien Gebooie gegee het, het God verduidelik: "As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En júlle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees" (Exodus 19:5-6).

Toe Hy die Tien Gebooie gegee het, sê God: "Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het" (Exodus 20:2). Met hierdie stelling, beskryf Hy Sy unieke verhouding met Israel – 'n verhouding wat hulle met geen ander "god" gedeel het nie. Hulle is nie deur die Kanaänitiese "gode", Baäl of enige van die "gode" van die Egiptiese mitologie uit Egipte gebring nie. Hulle is deur "die HERE" uitgebring.

Die naam "HERE" (LORD), alles in hoofletters, wat in baie Engelse en Afrikaanse Bybelvertalings voorkom, dui op die unieke Hebreeuse naam vir God: YHVH en dit beteken: "*the Eternal, the Immutable One, He Who WAS, and IS, and IS TO COME*" (*The Companion Bible*, aanhangsel 4, afdeling II). Toe Hy aan Israel duidelik gemaak het dat dit spesifiek "die HERE jou God" was, het Hy dit beklemtoon dat hulle getrouheid en aanbidding aan *Hom alleen* verskuldig is in hierdie Verbond wat Hy met hulle gesluit het – 'n verbondsverhouding wat uitgebeeld word deur die menslike huwelik (Jeremia 3:14, 20; vergelyk Efésiërs 5:31-32). Vanuit God se perspektief is afgodery, *geestelike owerspel*. Soos wat 'n man of vrou liefdevol getrou aan sy of haar huweliksmaat behoort te wees en verstaanbaar jaloers mag wees wanneer hulle met ontrouheid gekonfronteer word, vereis God dieselfde getrouheid van Sy mense. Hy verwag dat ons Hom moet liefhê soos wat Hy ons liefhet (1 Johannes 4:19; Matthéüs 22:37-38).

Aan die ander kant is daar 'n sondige afguns en hatigheid teenoor 'n mens se naaste wat aangevuur word deur hebsug en wat jaloesie in die *New King James* Weergawe genoem word. Daardie ingesteldheid is een van die werke van die vlees wat in die lys in Galásiërs 5:20 voorkom. God beny niemand nie en begeer niks nie. Hy is immers die Skepper van alle dinge en het volkome gesag oor Sy hele skepping: "By wie sal julle My dan vergelyk, dat Ek net so kan wees? sê die Heilige. Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie" (Jesaja 40:25-26). Inderdaad, voor God is die nasies "... soos niks: as niks en nietigheid word hulle by Hom gereken" (vers 17). Dit behoort ons dus nie te verbaas dat God beveel: "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie" en dat Hy daarop aandring dat ons nie poog om afbeeldings van God te maak of enige afgode, prente of godsdienstige voorwerpe aanbid nie (Exodus 20:3-6) – wat ons aandag sal aflei van die aanbidding wat ons direk aan God alleen verskuldig is.

Die betekenis is dus duidelik. Goddelike jaloesie beskryf God se grootsheid as die enigste ware God en Skepper – Sy absolute mag om te red, Sy tere barmhartigheid, Sy waaksame versorging, Sy ewige liefde en Sy ywer om Sy beloftes na te kom. Hy alleen besit die absolute reg om aanbid te word – Hý uitsluitlik. Enigiemand wat 'n verbondsverhouding met Hom wil hê moet besef dat Hy geen mededingers duld nie. God se "jaloesie" dui op Sy unieke Goddelike reg en Goddelike geregtigheid, *nie* die sondige gevoelens van hebsug, afguns of mededinging wat mense soms ondervind nie. WvM

# Die werke van Sy hande
# Presies wat is 'n virus?

## Deur Wallace G. Smith

COVID-19 het virusse op 'n daaglikse basis voorbladnuus gemaak, maar hoeveel van ons verstaan wat virusse eintlik is? Is 'n virus lewendig of nie? Hoe werk virusse? Hoe pas dit in by God se plan van die skepping?

Alhoewel dit duidelik is dat die Almagtige nog nie elke detail oor Sy wonderlike skepping aan ons geopenbaar het nie (vgl. Spreuke 25:2), kan ons nogtans heelwat verstaan van hierdie mikroskopiese bedreigings wat sulke verskriklike nuus opgelewer het. Terwyl die besonderhede van die virus se oorsprong verborge is, is hulle huidige rol in ons wêreld maar net te pynlik sigbaar. Tog kan dit moontlik op iets meer dui.

Kom ons beskou dit van naderby.

**Wat is 'n virus?**

Is virusse "lewendig"? Dit hang af van hoe ons "lewe" definieer. Virusse voldoen nie in die algemeen aan al die kriteria wat die bioloë gebruik om te bepaal of iets lewendig is nie, hoewel díe punt in sommige kringe betwis word.

Bakterieë – mikroskopiese, eensellige organismes – beskik oor duidelike eienskappe wat met lewende dinge verband hou. Die virus kan byvoorbeeld voedselbronne ten volle verwerk vir energie en kan dit selfs voortplant. Virusse kan egter nie een van hierdie take volledig uitvoer nie en benodig die werking van 'n gasheer-sel om energie te verskaf om die masjinerie te laat werk om meer virusse te bou.

Dit is met die uitvoering van hierdie tweede taak – om ons selle te gebruik om dit self te reproduseer – dat virusse vir ons so 'n bron van ellende word.

Op 'n manier is die sukses van virusse 'n huldeblyk aan die vernuftige ontwerp van lewe se "bedryfstelsel" en die krag van die geprogrammeerde taal wat deur die genetiese kode van lewe verteenwoordig word. Net soos menslike rekenaartale – byvoorbeeld C++ of Java – gebruik kan word om baie verskillende take te verrig, so kan die genetiese kode wat uitgedruk word in DNA- en RNA-molekules ook baie take verrig. (Sien "*Die wonder van DNA*" in ons Mei-Junie 2014 uitgawe vir meer besonderhede.) Baie soos hulle rekenaar-naamgenote, voer virusse nuwe stukkies kodes [bits] in wat 'n sel "herprogrammeer" om 'n virus-vervaardigingsfabriek te word.

Die basiese struktuur van die meeste virusse is heel eenvoudig: Een of ander soort-van proteïenomhulsel, wat 'n *kapsied* genoem word en stringe DNA of RNA bevat wat binne in die kapsied is. Alhoewel die struktuur eenvoudig mag wees, is daar 'n groot verskeidenheid in die viruswêreld. Sommige virusse is eenvoudig, soos die koronavirus wat COVID-19 veroorsaak – die struktuur daarvan is bloot 'n sfeer wat omring is deur proteïen-"uitsteeksels" – waar die virus sy naam vandaan kry (*corona* is Latyns vir "kroon"). Die "uitsteeksels" heg vas aan reseptore op sekere selle in ons liggaam, wat die virus toegang gee tot die binnekant van daardie selle.

Virusse kan ook 'n meer ingewikkelde struktuur hê. Byvoorbeeld bakteriofage – virusse wat bakterieë besmet – kan maklik aangesien word vir spinnekoppe op 'n uitheemse planeet, met "spykerbeentjies" en 'n proteïen-omhulsel wat lyk soos 'n stingel wat 'n groot "kop" regop hou.

Ongeag die struktuur, is die funksie van elke virus in wese dieselfde: *Verkry toegang tot die binnewerking van die gasheer-sel en voer nuwe programmering in om meer virusse te vervaardig.*

Daardie nuwe programmering sê aan die sel se masjinerie om meedoënloos te begin om kopieë van die virus te maak – 'n proses wat die sel dikwels laat bars en nuwe kopieë van die virus vrystel, gereed om ekstra selle te besmet. Voor hy doodgaan kan sommige virusse een enkele sel gebruik om tienduisende nuwe virusse te vervaardig.

Ons immuunstelsels is ontwerp om hierdie indringers te beveg deur die virusse direk vas

te vang en te vernietig of deur die selle wat deur die virusse "opgekommandeer is", te vernietig. (Meer inligting oor ons merkwaardige immuunstelsel kan gelees word in ons Maart-April 2019 artikel, *Oorlogvoering onder u vel* wat aanlyn beskikbaar is op *wvm.co.za*.) Tog kan die stryd tussen virusse en ons immuunstelsel soms baie sekondêre skade aanrig en in sommige gevalle kan die skadelikste gevolge van 'n infeksie kom uit die newe-effekte van die geveg.

**Waar kom die virus vandaan?**

Nuwe soorte virusse kan op baie maniere ontstaan. Wanneer 'n gasheer met meer as een soort virus besmet is, kan die virusse se gene "meng en pas" om 'n splinternuwe virus te skep. Veral die liggame van varke is van die optimale biologiese omgewings vir virus-vermenging en die stam van die H1N1 "Varkgriep" wat in 2009 'n pandemie veroorsaak het, is vermoedelik veroorsaak deur die uitruiling van menslike, voël- en varkvirusse.

Dit is hoe virusse *muteer* [verander]. Daar is egter 'n dieper raaisel: Waar het virusse *oorspronklik* vandaan gekom? Hierdie vraag gee wetenskaplikes hoofbrekens. Virusse bied 'n uitdaging vir die meeste bioloë se pogings om hulle oorsprong binne die neo-Darwinistiese evolusieteorie maklik of gerieflik te verklaar. Sommige van hulle beskou die eenvoud van virusse as 'n bewys dat virusse vóór selle moes ontwikkel het, terwyl ander bioloë op die probleem van die "hoender of die eier" wys. Dit is die volgende: Indien virusse nie kan voortplant *sonder* selle nie, hoe kon dit bestaan het *voordat* selle bestaan het?

Trouens, selfs vir diegene wat erken dat die oorsprong van ons wêreld in 'n almagtige Skepper gevind word, bly virusse 'n raaisel. Dit sou onredelik wees om te glo dat God virusse sou skep net om skade aan te rig – Hy het immers die skepping "baie goed" verklaar voordat Hy van Sy kreatiewe dade gerus het (Génesis 1:31). Daar is egter verskeie verklarings wat ooreenstem met God se Woord. Virusse se vermoë is byvoorbeeld om genetiese materiaal in te spuit, opsigself nie skadelik nie. Om die waarheid te sê, baie mediese navorsers ondersoek virusse as hulpmiddels om *nuttige* genetiese inligting aan pasiënte toe te dien wat geen-terapie benodig. Dit is moontlik dat virusagtige meganismes en strukture oorspronklik 'n rol van instandhouding of herstel gespeel het in die ontwerp van lewe. Tog is dit slegs spekulasie. Baie van wat ons nie van die wêreld weet nie, sal eendag geopenbaar word, maar nou ken ons dit net "ten dele" (1 Korinthiërs 13:12).

**Vervloek, maar nie vir ewig nie!**

Ongeag watter goeie doel virusse *kon* gehad het in die wonderlike natuurlike orde wat God geskep het, het die vloek wat ons eerste ouers met hulle sonde oor die wêreld gebring het, 'n invloed op die *hele* skepping gehad. Soos God aan Adam en Eva verduidelik het, sou die sondige wêreld nie vir hulle aangenaam wees nie. Die grond sou nie net vir hulle kos oplewer om te eet nie, maar sou ook "dorings en distels" voortbring (Génesis 3:18), aangesien dit 'n vyandige omgewing geword het wat ly onder "die slawerny van die verganklikheid" (Romeine 8:20-22) – 'n wêreld, volgens die beroemde woorde ['n gedig] van Alfred, Lord Tennyson, "*red in tooth and claw*".

Dit maak nie saak watter voordelige doeleindes virusse ookal gedien het in die natuurlike orde nie, lyk dit nie of hulle langer daardie voordelige doel dien nie – maar teen 'n baie hoë prys. Die wêreld sal nie altyd gevul wees met pyn en lyding nie. God sê vir ons deur die antieke woorde van die profeet Jesaja dat 'n beter tyd sal aanbreek. Roofdiere en prooi sal nie meer in stryd met mekaar wees nie, maar sal vreedsaam saam wei en die skepping self sal verander om die vrede te ervaar wat nou buite bereik bly (Jesaja 11:6-8). Oor hierdie tyd verklaar die Ewige: "Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (vers 9).

Die dag *sal* aanbreek wanneer aansteeklike vlae van virusdraende siektes die stryd sal verloor teen die verspreiding van iets baie meer kragtigs; genesing en hoop vanaf die troon van God en van die Lam (Openbaring 22:1-3). Mag God daardie dag bespoedig! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 20 – ’n Perfekte storm*

daaraan – vir elke gelling ru-olie sou u die ru-olie en ook nog 'n dollar kon kry, [voordat u te opgewonde raak, hier is die waarskuwing:] slegs indien u dit amptelik iewers kon opberg” (“*Negatiewe olieprys wys vir ons dat iets anders volgende ineen gaan stort,*” *Forbes.com* 21 April 2020).

In 'n nuusbrief van 23 April 2020 het die finansiële kundige, dr. Martin Weiss, dit so gestel: “Olieprodusente moes $40.32 per vat *betaal* net om kopers sover te kry om daarvan ontslae te raak. Olie was onmiddellik verlaag tot suiwer, giftige rommel – goed wat selfs vullisversamelaars nie sommer sou wegdra sonder 'n aansienlike fooitjie nie”.

**Die vraag wat ons moet vra**

Bogenoemde is voorbeelde van wat in elke land en in duisende sektore wêreldwyd met die ekonomie gebeur. Dit is 'n deurslaggewende tyd in die moderne geskiedenis. Dit sal ongetwyfeld 'n geruime tyd duur, selfs jare – lank nadat hierdie pandemie geskiedenis geword het – voordat die volle uitwerking daarvan bekend sal wees.

Op verskillende maniere het perfekte storms en 'n onverwagte gebeurtenis (swart swaan) gelyktydig op die hele wêreld toegesak in Maart 2020. Een vraag bly egter oor: Indien God 'n liefdevolle God is, waarom sou Hy dan soveel lyding toelaat? Ondanks die vele teoloë wat hulle skouers ophaal en kleitrap met die antwoorde, is daar 'n baie duidelike verklaring. Ons wêreld het 'n tyd van groot opstand teen ons Skepper betree.

Die mensdom as geheel het nog *nooit* die Een deur wie ons geskep is, gerespekteer nie – die meerderheid van die mensdom het Hom eerder gesamentlik geminag. Baie mense ontken Sy bestaan en bespot diegene wat in Hom glo. Ongelukkig ken baie mense wat bely dat hulle Hom ken, Hom *glád nie*, want soos die apostel Johannes aan ons vertel: “En hieraan weet ons dat ons Hom ken: as ons sy gebooie bewaar. Hy wat sê: Ek ken Hom – en sy gebooie nie bewaar nie – is 'n leuenaar en in hom is die waarheid nie” (1 Johannes 2:3-4). Johannes vertel ons verder wat sonde is (3:4) en dat God se Gebooie nie swaar is nie (5:3).

Tot op 'n punt laat God ons aan onsself oor om “ons eie ding te doen”, sodat ons uit die natuurlike gevolge van ons besluite kan leer (Jeremia 2:19). Die Bybelse geskiedenis toon ook dat wanneer 'n volk tot op 'n sekere vlak van onsedelikheid en opstandigheid teen God en Sy Wette gedaal het, Hy ***sal*** ingryp. Ons het die voorbeeld van die vloed in die tyd van Noag: “Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was” (Génesis 6:5). Ons het die voorbeeld van die vernietiging van Sodom en Gomorra (Génesis 19). Ons weet ook dat God nie toegelaat het dat Abraham se nageslag eers die heidense volke van die Beloofde Land vervang het, tot geslagte later nie, “ ... want die ongeregtigheid van die Amoriete is tot nog toe nie vol nie” (Génesis 15:16). God se geduld moenie verwar word met Sy toestemming nie.

Indien ons nadink oor sulke arrogansie teenoor ons Skepper, behoort ons nie verbaas te wees wanneer die kombinasie van die volgende perfekte storm en “swart swaan” aanbreek nie. Hy hét ons gewaarsku. Dit is nie die einde nie – dinge gaan nog erger word voordat ons ons les geleer het. Tensy ons ons bekeer en verander, kan ons verseker wees dat groter rampe in die toekoms op ons wag.

Daar kom egter 'n tyd wanneer die Een wat deur ons gekruisig is ons sal red van ons opstandige waansin en Sy Koninkryk hier op aarde sal vestig (Daniël 2:44; Sagaría 14:9, 16-19). Dít is 'n verbasende mededeling en baie mense wat hierdie artikel lees, sal dit waarskynlik moeilik vind om te glo. Dit is egter die boodskap wat Jesus gebring het. Indien u dit nog nie gedoen het nie, bestel gerus ons gratis boekie *Glo u die ware Evangelie?* Te midde van al die slegte nuus, is dit die goeie nuus en die rede waarom ons bid: “... laat u koninkryk kom”! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

meer as 'n stukkie papier is nie? Met soveel minagting vir die instelling van die huwelik self, is dit geen verrassing dat soveel mense hulle willekeurig aan mekaar verbind en uitmekaar gaan nie en dat baie huwelike nie hou nie.

Ek geniet dit om met mense oor my vrou se ouers en hulle troue te gesels – om bloot te sê dat dit "eenvoudig" was, sou onvoldoende wees. Hulle het een aand met etenstyd onverwags by die predikant se huis opgedaag en gewag terwyl die man en sy vrou klaar geëet het. Net die vier van hulle was teenwoordig toe die twee "die knoop deurgehaak het". Daar was net twee troufoto's: Sy het by 'n boom gestaan en hy het 'n foto van haar met 'n bokskamera geneem en toe het hulle plekke geruil terwyl sy 'n foto van hom geneem het. Dit was lank voor selfies, waar hulle saam onder die boom sou kon gestaan het!

Ondanks hierdie nederige begin, was hulle 72 jaar getroud en het twee pragtige dogters grootgemaak. Het hulle hul struwelinge gehad? Ja, net soos die meeste ander paartjies ook het. Hulle het egter verstaan wat toewyding en verantwoordelikheid beteken. Hoe anders as die deftige en duur geleenthede wat ons vandag sien, waarná die man en vrou "getrou" aan mekaar bly, solank as wat hulle sonder veel moeite met mekaar kan klaarkom of totdat een van hulle saam met iemand anders in die bed spring.

Vir baie van die troues wat ons onlangs in ons kantoor en gemeente gehad het, het die paartjies die keuse gehad om vroeër te trou of te wag om 'n deftige seremonie te hê en hulle het eersgenoemde verkies.

Dit beteken natuurlik nie dat 'n paartjie verkeerd sou wees om te wag sodat meer familie en vriende teenwoordig kon wees nie. Glad nie. Een ding hiervan is egter duidelik: Hoe eenvoudig of spoggerig die troue en onthaal ookal mag wees, het dit niks te doen met hoe lank die huwelik sal hou nie. Dit is verreweg die belangrikste om God se doel met die huwelik te verstaan en om bereid te wees om hulle aan mekaar toe te wy en om saam deur moeilike tye te werk, is *baie* belangriker. Die grootte van 'n troue is nie 'n baie betroubare aanduiding van hoe diep 'n mens se toewyding is nie.

**Die huwelik maak regtig saak!**

Al verstaan min mense die Godgegewe doel agter die huwelik, toon een studie na die ander dat die huwelik wel *saak maak*. Alhoewel baie huwelike, volgens statistiek, misluk, is die huwelik in elke geval meer geslaagd as om saam te woon. Die neiging bestaan nie meer deesdae om 'n mens vir die huwelik rein te hou nie.

In 'n studie van 6 November 2019 van die *Pew Research Center*, word gemeld dat die getal volwassenes wat in die VSA saamwoon, aan die toeneem is en dat dit nou meer algemeen raak dat mense tussen die ouderdomme van 18 tot 44 jaar een of ander tyd in hulle lewens saamgewoon het in plaas daarvan dat hulle getrou het. Dit is nie verbasend nie, aangesien 69% van Amerikaners glo dat om voor die huwelik saam te woon, aanvaarbaar is en nog 16% sê dat dit aanvaarbaar is solank as wat die paartjie beplan om te trou. Slegs 14% van hulle beskou dit as onaanvaarbaar om voor die huwelik saam te slaap. Met ander woorde, slegs 14% van die paartjies onderskryf die Bybelse waardes (bv. 1 Korinthiërs 6:9-10; Galásiërs 5:19-21; Efésiërs 5:3). Dit is moeilik om te glo dat die situasie in ander Westerse lande enigsins beter is.

Nietemin, die huwelik bevoordeel die egpaar, die gesin en die samelewing. Dit is buite die omvang van my boodskap om hierdie oorvloedige voordele in besonderhede te bespreek, hoewel ek net een voorbeeld sal noem: *Pew Research* het ook berig dat dieselfde studie getoon het dat "getroude volwassenes te kenne gegee het dat hulle hoër vlakke van tevredenheid en vertroue in hulle lewensmaat ervaar as diegene wat saamwoon" ("*Key findings on marriage and cohabitation in the U.S.*," *PewResearch.org*). Vir diegene wat die doel van die huwelik verstaan, is dit glad nie 'n verrassing

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Onthou asseblief om in te skakel op ***Tomorrow's World*** TV-program van 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende, **kanaal 263** op DStv.

nie.

Ja, daar is níks so goed soos 'n depressie of pandemie om mense weer na die werklikheid terug te bring nie, maar het die samelewing so verval dat mense nie meer 'n idee het van wat eg is en wat vals is nie? Wanneer dit by die huwelik kom, neem die meeste mense nooit in oorweging wat die Godgegewe doel daarvan is nie. Trouens, hulle neem nie eers in ag dat God *enigiets* met die huwelik te doen het nie buiten om 'n pragtige "kerk"-troue te hê. Indien u meer oor hierdie onderwerp wil leer, kontak ons streekkantoor die naaste aan u en vra 'n eksemplaar aan van ons boekie, *Bou 'n vreugdevolle huwelik*. Soos met al ons leesstof, is die boekie gratis.



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 3016**
**Harrismith, FS**
**9880**

**of skakel : 058 622 1424**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**